

## HOOFTUK 4

### Die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde

#### Sendingkerk (1881-1994)

##### 4.1. Algemene Inleiding

Hoofstuk 4 dek kursories die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) tussen 1881 tot 2004. Die ontwikkeling van kerkreg in die NGSK kan nie losgemaak word van die kerkhistoriese ontwikkelings in Nederland asook in Suid-Afrika nie. Kronologies-histories gesien, val die stigting van die NGSK met die Doleansie asook met die sendingbeleid van die NGK saam. Sedert die wordingsjare van die NGSK was 'n hewige kerkregtelike stryd gevoer. Hierdie kerkregtelike stryd word in Hoofstuk 4 beoordeel teen die lig van die Doleansiekerkreg en die verdere ontwikkeling van die kerkreg in Nederland. Vanaf 1881 is 'n verbondenheid aan die Nederlandse kerkreg kenmerkend van die NGSK. Vele raak vlakke met die Doleansiekerkreg en/of die gepaardgaande kerkregtelike diskoers die afgelope eeu, kan in die kerkregtelike ontwikkeling van die NGSK onderskei word. Die navorser is van mening dat daar 'n relasie bestaan tussen die teologiese keuses wat die NGSK met betrekking tot die kerkreg en kerkregering gemaak het en die Doleansiekerkreg en of verdere diskoers met betrekking tot die *oud kerkrecht* en/of *nieuwe kerkrecht*. Drie fases kan in die NGSK se strewe na kerkregtelike selfverwesenliking onderskei word, naamlik Ondergeskiktheid aan die NGK (1881-1915), Beperkte outonomie onder die Grondwet (1915-1956) en Kerkregtelike

selfverwesenliking (1956-1982)<sup>1</sup> In Hoofstuk 4 word dié fases bespreek met verwysing na die volgende Doleansiekerkregbeginsels:

- i. Christus as hoof van die kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

#### 4.2. Ondergeskiktheid aan die NGK (1881-1915)

Op Maandag 22 November 1880 het die Sinode van die NGK die *Konstitusie*<sup>2</sup> vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika goedgekeur (*Acta NGK* 1880:72). Die *Konstitusie* verskyn as art 217 tot art 226 in die *Kerkwet NGK (1881)* (Kriel 1981:158). Die Sinode van die NGK (1880) het aan die Binnelandse Sendingkommissie (=BSK) opdrag gegee om die heel eerste Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika, later bekend as Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) byeen te roep (Kriel 1963:71). Kennisgewings met betrekking tot die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika het in ses agtereenvolgende uitgawes van *De Christen* vanaf 5 Augustus 1881 tot 10 Augustus 1881 verskyn (Loff 1981:24). Die stigtingsvergadering is deur die Binnelandse Sendingkommissie vir 5 Oktober 1881, op Wellington belê. Die hooflyne van die agenda van die Stigtingsinode was deur die NGK bepaal. Die *Konstitusie* was vooraf aan die

---

<sup>1</sup> Ds D P Botha (1981:158-164) onderskei in C J Kriel se *Die Eerste Eeu* drie fases in die kerkregtelike ontwikkeling van die NGSK te wete *Die tydperk van volkome ondergeskiktheid aan die Moederkerk (1881-1916)*, *Die tydperk van beperkte outonomie onder die Grondwet (1915-1958)* en *Die tydperk van groei van Grondwet tot akte van ooreenkoms (1958-1975)*.

<sup>2</sup> Sien ook Hoofstuk 3.5. 'n *Beoordeling van die Konstitusie*.

gemeentes en/of werkkringe gesirkuleer en hulle is sodoende in kennis gestel van die besluit van die NGK om 'n stigtingsvergadering byeen te roep. Die BSK het die gemeentes en/of werkkringe wat deur die NGK gestig is, of met die NGK in verband staan, versoek om kragtens art 221.2 van die *Konstitusie* afgevaardigdes na die Stigtingsinode te stuur:

Art 221.2. Een afgevaardigde ouderling der gemeente kan eenen Zendeling of afgevaardigde zenden dan die

- (a) Eenen Kerkenraad heeft zamengesteld en werkende overeenkomstig de Bepalingen voor het zamenstel van kerkenraden, by de Moederkerk in gebruik;
- (b) Ten minste een derde deel van het salaris van haren zendeling selve betaalt;
- (c) Een wier vastengoederen getransporteerd zijn op de volgende wijze: Op ABC (Namen van de Leden der Binnelandsche Zendingcommissie volledig gegeven) of andere namen door haar goedgekeurd met de woorden “ oor de Zendinggemeenten der Nederduitsche Gereformeerde Kerke te...

(Acta NGK 1880 art V bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8  
asook *Kerkwet NGK 1881* Hoofstuk 1:87).

Die Sinode van die NGK (1880) het drie kwalifikasies vir die afvaardiging na die eerste Sinode van die sendinggemeentes bepaal:

- (i) daar moet 'n wettige Kerkraad bestaan,
- (ii) die Kerkraad moet ten minste 'n derde van die sendeling se salaris betaal,
- (iii) die eiendom moes volgens art 221.2. (c) op óf die NGK óf op die sendinggemeente se naam getransporteer wees.

Met die twee stoflike voorvereistes (art 221.2 (b) en (c)) word 'n afwyking van die Gereformeerde Kerkreg gevind waarvolgens sittingsreg op meerdere vergaderinge aan ampsdraers van die plaaslike gemeentes op grond van geloofsbriewe verleen is ongeag die finansiële vermoëns van die betrokke kerklike vergaderings.

Na die openingsrede, deur ds J H Neetling, sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, op 5 Oktober 1881 is die eerste Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode, as gekonstitueer verklaar (*Acta NGSK 1881:6*).<sup>3</sup> Slegs 4 gemeentes uit 'n moontlike sestig gemeentes het egter hierdie Stigtingsinode

---

<sup>3</sup> Sedert 1928 word die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk die Nederduitsche Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) genoem.

bygewoon (Kriel 1981:29-30). Elke gemeente is op grond van bovermelde vereistes op die Stigtingsinode getoets (*Acta NGSK* 1881:7). Eerw Johann Kretzen (George), eerw Dirk Jan Hendrik Ruytenbeek en ouderling Andries Overmeyer (Wynberg), eerw Johannes Petrus Rossouw (Zuurbraak), eerw Jacobus Cornelis Pauw<sup>4</sup> en ouderling Jan Joeli (Wellington) is deur hul onderskeie gemeentes na die Stigtingsinode afgevaardig. Die sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, ds J H Neetling, het deurgegee dat gemeentes, wat met die NGK in verband gestaan het en wat nie afgevaardigdes na die stigtingsvergadering gestuur het nie, te wete Beaufort-Wes, Elandskloof, Middelburg en Ceres, voortaan onder die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika sou resorteer. Daarteenoor sou Murraysburg, Graaf-Reinet, Victoria-Wes, Richmond uitgenooi word om deel te word van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (*Acta NGSK* 1881:6-7). Ds J H Neetling het daarop gewys dat op grond van art 221 en art 219 die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk wel gemeentes buite die NGK kon opneem (*Acta NGSK* 1881:7).

Eerwaarde Dirk Jan Hendrik Ruytenbeek<sup>5</sup> is as eerste moderator van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika gekies (*Acta NGSK* 1881:6). Hy het die *Konstitusie* voorgelees en verduidelik (*Acta NGSK* 1881:6). Eerwaarde Johan Kretzen is as assessor en eerwaarde Johannes Cornelis Pauw is tot scriba sinodi, actarius en penningmeester gekies (*Acta NGSK* 1881:6).

Die bepalinge van die *NGK se Wetboek* was in sodanige gevalle waarvoor die *Konstitusie*

---

<sup>4</sup> 13 Desember 1837 tot 13 Junie 1918. Hy was in Leiden, Nederland, op 13 Desember 1837 gebore. Sy ouers was lidmate van die Christelike Afscheidene Kerk. Hy het opleiding ontvang by die Vrye Skotse Kerk in Amsterdam en was gedurende 1861 tot die bediening van die Woord toegelaat. Hy het op 26 September 1861 in Suid-Afrika aangekom. Hy is op 15 April 1863 op Zoar georden. Gedurende 1877 was hy na Zuurbraak beroep waar hy twee jaar gedien het. Teen 1881 het hy die sendinggemeente in Wellington bedien. Hy is as scriba sinodi van die NGSK in 1881 en as moderator van die NGSK in 1891, 1892, 1896, en 1908 gekies (Kriel 1963:161 voetnota 124, Kriel 1981: 66-67, Joubert 1932:227).

<sup>5</sup> Eerwaarde D J H Ruytenbeek was in 1819 in Nederland gebore en het in 1851 onder beskerming van die Sendingkommissie as onderwyser na Suid-Afrika gekom en word hoof van 'n skool in Wynberg. Hy was die eerste redakteur van die *Volksvriend* en was gedurende 1885 as sendeling georden. Hy het 1862 die sendelingseksamen afgelê en word in 1881 as hulp-prediker van dr P E Faure van die NGK Wynberg georden. Hy het die buitewyke Houtbaai, Kalkbaai en Phillipi, Constantia en Nuweland bedien. Hy emeriteer 1889 en sterf 1904 te Beaufort-Wes (Kriel 1963:73, Kriel 1981: 66-67, Joubert 1932:227).

nie voorsiening maak nie, van toepassing in die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (Kriel 1981:33). Byvoorbeeld daar is geen bepaling in die *Konstitusie* met betrekking tot die byhou van doop- en lidmaatregisters nie. Tog was elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika verplig om genoemde registers by te hou en afskrifte van registers by die Sinode van die NGK in te dien. Die bewaring van die dokumente was die verantwoordelikheid van die NGK.

Op die Stigtingsinode het die selfstandigheid van die gestigte Sendingkerk ter sprake gekom, toe eerwaarde Paulus Teske,<sup>6</sup> sendeling van Beaufort-Wes, beswaar aangeteken het teen die stigting en organisasie van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (*Acta NGSK* 1881:9-12). Hy het die regsgeldigheid van art 226 bevraagteken wat aan die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie vetoreg ten opsigte van alle wette en bepalinge wat deur die Sendingkerk gemaak mag word, verleen het (*Acta* 1881:9-12 asook Kriel 1981:31). Paulus Teske het van die veronderstelling uitgegaan dat die oorspronklike gesag by die plaaslike gemeente lê en dat die meerdere vergadering slegs afgeleide gesag het. Paulus Teske se beswaar teen die daarstelling van 'n aparte sendingkerk op grond van die aanvaarde *Konstitusie* was vanaf Woensdag 5 Oktober tot Vrydag 7 Oktober 1881 bespreek (*Acta NGSK* 1881:9-12). Hy het op Vrydag 7 Oktober 1881 voorgestel dat die vergadering die Binnelandse Sendingkommissie (=BSK) versoek om by die NGK se eerskomende Sinode 'n beskrywingspunt met betrekking tot die wysiging van art 226 in te dien. Indien die Binnelandse Sendingkommissie dit egter nie wou doen nie, het hy aanbeveel dat die vergadering sodanige beskrywingspunt by die eersvolgende Sinode van die NGK moes indien (*Acta NGSK* 1881:10-11). Teske het ook voorgestel dat die vergadering uitgestel moes word tot na die Sinode van die NGK. Sy volledige voorstel lui

---

<sup>6</sup> Paulus Teske het op 26 September 1861, saam met eerwaarde Jacobus Cornelius Pauw, uit Nederland in Tafelbaai aangekom het. Hy was gedurende 1862 in die werkkring in Beaufort-Wes deur ds Krige van die NGK Prins Albert georden. Hy was veral deur die Afscheiding en die kerkregtelike stryd in Nederland beïnvloed. Hy was assessor van die 2<sup>de</sup>, 3<sup>de</sup> en die 4<sup>de</sup> sinodes van die NGSK. Hy sterf 1897 (Joubert 1932:230).

as volg:

Dat deze vergadering van gevoelen is dat art 226 in het besluit van de HE Synode van 1880 geheel in stryd is met het begrip eener kerk, die zich vry en onafhanklik kan bewegen en ontwikkelen; dat dit artikel mede en middel is of kan zijn om het wantrouwen dat reeds so diep bij de gekleurde bevolking bestaat, te doen toenemen – en eiendelijk dat artikel alzoo een middel kan zijn om andere gemeenten of lichamen, die zich anders met deze te stichten kerk zouden verenigen, te vervreemden. Dat, daarom deze vergadering de H.E. Zending Commissie verzoeken bij de naaste H.E. Synode een voorstel in te dienen om bovernoemd artikel 226 te rooijeren en ingeval die Zending Commissie daartoe geene vryheid mogt gevoelen dat dan deze vergadering een beschrijvingspunt dienaangaande inbrengen in de hoop dat het de H.E. Synode behagen moge dat artikel weg te nemen - en dat verder deze vergadering adjournere tot na de zitting der eerst komende H.E. Synode.

(Acta NGSK 1881: 10-11)

Die ouderling van Beaufort-Wes, Damon Titus, het Teske se voorstel gesekondeer (*Acta NGSK 1881:12*). Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1881) het Paulus Teske se voorstel verwerp en het daarmee die konstitusionele riglyne, soos vasgelê deur die NGK, aanvaar. Paulus Teske was nie bereid om deel van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk te word nie, aangesien hy van mening was dat die NGSK 'n onsuivere kerkbegrip huldig. Hy het gevolglik kennis gegee dat Beaufort-Wes nie lid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika kan word nie, maar dat hy graag, soos in die verlede, direk onder die Binnelandse Sendingkommissie sou wou funksioneer: “Geef kennis dat hy die Vergadering verlaat en van deze Zendingkerk geen lid kan zijn en dat hy als voorhen met zijne gemeente onder die H.E. Zending Commissie blyf” (*Acta NGSK 1881:12*).

Teenoor die besluit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1881) het Paulus Teske sy eie geworteldheid in die Gereformeerde Kerkreg en kerkregering beklemtoon. Paulus Teske gaan van die veronderstelling uit dat 'n Sinode die regsbevoegdheid behoort te hê om besluite te kan verander en dat sodanige

bevoegdheid nie aan 'n subkommissie van 'n ander kerk gesekondeer kan word nie. Op aanbeveling van die scriba, eerwaarde Cornelius Pauw, het die Sinode eenparig besluit dat hulle aan Paulus Teske en Damon Titus adviserende stemme sou verleen. Teske en Titus het met adviserende stem die res van sittings bygewoon (*Acta NGSK* 1881:12).

#### **4.2.1. Selfstandigheid van die plaaslike gemeente**

Paulus Teske is van mening dat die art 226 afwyk van 'n suiwer kerkbegrip en dat dit gevolglik die selfstandigheid van die NGSK in gedrang bring (*Acta NGSK* 1881:10). Volgens Teske behoort 'n kerk vry en onafhanklik te wees. Hy is van mening dat die artikel wantroue by die sogenaamde gekleurde bevolking tot gevolg kan hê en dat dit uiteindelik tot gevolg kan het dat ander gemeentes wat hul by die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk sou wou aansluit, daardeur afgeskrik kon word (*Acta NGSK* 1881:10).

Op die stigtingsvergadering is die *Konstitusie* aanvaar wat onder andere die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as een van die grondbeginsels van die Doleansiekerkreg in gedrang gebring het. Die regerende mag hoort volgens art 226 tuis by die Binnelandse Sendingkommissie deurdat die NGK en hul subkommissie besluite van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk kon veto. Al die besluite van die NGSK sou onderworpe wees aan die goedkeuring van die NGK (Smith 1972:40). Daarteenoor staan die outonomieit en/of selfstandigheid van die plaaslike gemeente vir Teske sentraal. Paulus Teske pleit dat die selfstandigheid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk erken en eerbiedig sal word. Hy beskou die art 226 as in stryd met 'n Gereformeerde kerkbegrip. Teske het op die Stigtingsinode gevra of die

Sinodale Binnelandse Sendingkommissie (=SBSK) nie afgeskaf kon word nie. Ds Botha, lid van die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie het daarop geantwoord dat dit nie gedoen kan word nie, omrede art 221 waardeur die reg van sitting en stemreg aan die lede van die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk verleen word, slegs deur die NGK self op hul eersvolgende Sinode verander kon word (*Acta NGSK* 1891:2).

#### **4.2.2. Die karakter van die kerkverband**

Op die Stigtingsinode van die NGSK 1881 het die vier gemeentes: George, Wynberg, Zuurbraak, Wellington, gesamentlik 'n eenheid, 'n kerkverband gevorm. Die gemeentes is in lyn met art 220 van die *Konstitusie* in twee Ringe, naamlik 'n Oostelike Ring en Westelike Ring verdeel (*Acta NGSK* 1881). Met kerkverband word 'n eenheid in kerkregtelike sin veronderstel. Die kerkverband in die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was 'n konfederasie van selfstandige plaaslike gemeentes en/of werkkringe wat vrywillig tot die verband toetree het. Die plaaslike gemeentes en/of werkkringe het die reg gehad om tot die kerkverband toe te tree en/of uit te tree. Elke gemeente wat tot die kerkverband toetree, moes volgens art 221 oor 'n Kerkraad beskik wat die gemeente op die meerdere vergadering verteenwoordig en die gemeente plaaslik bestuur. Na die Stigtingsinode het Graaff-Reinet, Aberdeen en Middelburg by die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk aangesluit (Kriel 1963:83-84).

Paulus Teske is van mening dat 'n kerk tot stand kom deur middel van 'n aantal gelowiges wat onderling met mekaar in verband tree. Teske kon appelleer teen die besluit van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode van 1881, maar hy



het verkies om hom by die besluit te berus en skakel in die tweede Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode 1891 met sy gemeente, Beaufort-Wes, in by die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (Kriel 1981:35). Paulus Teske het sedert 1891 onverpoos gepoog om die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk kerkregtelik van binne te verander. Op sy vraag op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1891) of sy toetrede tot die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk 'n invloed sou hê op die verhouding waartoe sy gemeente met die Ringsendingkommissie staan, het die sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, ds Botha, ontkennend geantwoord (*Acta NGSK* 1891:2). Op voorstel van ds W Murray, predikant van die NGK Worcester, en lid van die BSK het die Sinode besluit dat finansiële state wat die verskillende gemeentes jaarliks aan die BSK moes opstuur, voortaan deur die sekretaris van die kommissie van die Sinodale Vergadering van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk, aan die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk Sinode voorgelê moes word. Die gemeentes wat nie onder die toesig van die BSK gestaan het nie, moes hul finansiële state direk aan die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk stuur (*Acta NGSK* 1891:5).

Geen Ringsvergadering het sedert die Stigtingsinode (1881) plaasgevind nie. In hoofsaak het die Sinode van Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1891) in sy werksaamhede as Ring gefungeer (Kriel 1981:39). Op dié Sinode, met twaalf sendelinge en tien ouderlinge van onderskeidelik sestien gemeentes as afgevaardigdes, was Paulus Teske as assessor gekies. Dié posisie het hy tot 1896 bekleed. Eerw C J Pauw is op dié Sinode as moderator gekies. Teske het op die Sinode voorgestel dat die Sinode 'n kommissie benoem om 'n eie kerkorde vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk op te stel: “Br Teske over het in werking brengen van Art 221-2, en het aanstellen van 'n Commissie om, gedurende het recess, een vereenvoudigd Wetboek, uit de Wetten en Bepalingen der Nederlandsche Gereformeerde Kerk, op te stellen, aan de volgende



Vergadering voor te leggen” (*Acta NGSK* 1891:4). Die voorstel was aanvaar en ’n kommissie, bestaande uit die moderatuur en lede van die Binnelandse Sendingkommissie, naamlik di Botha van NGK Philadelphia en De Wet van NGK Villiersdorp, was aangewys (Kriel 1963:107).

Het worde aan de Moderatuur met di Botha en De Wet opgedragen, gedurende die recess een afskrift te maken van die Wetsartikelen uit de Algemeene Wette en Bepalingen der Kerk, welke betrekking hebben op de Zendinggemeenten en de Synode der Zendingkerk, en dat afskrift bij de eerstkomende Vergadering voor te leggen.

(*Acta NGSK* 1891:6)

Die drang na kerkregtelike selfverwesenliking was volgens Kriel deurgaans aanwesig (1981:160). Teske het van die veronderstelling uitgegaan dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk ’n selfstandige kerkregtelike posisie behoort te hê daarom sy voorstel vir ’n eie kerkorde vir die sendinggemeentes wat met mekaar in verband gestaan het. Hy het ’n onderskeid gemaak tussen die selfstandigheid van ’n kerk en beheer van buite. Die wetgewende mag van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was volgens die *Konstitusie* gesetel in die NGK. Teske was van mening dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk nie ’n ondergeskikte posisie behoort te hê nie (Kriel 1981:39).

Op 7 Julie 1892, agtien maande na die tweede Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk, het die derde sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika te Kimberley plaasgevind (Kriel 1981:36). Eerww C J Pauw is as moderator en Paulus Teske is as assessor herkies (*Acta NGSK* 1892:12-13). Op dié Sinode is daar oorgegaan tot die herverdeling van die gemeentes in twee Ringe naamlik die Westelike Ring (Wellington, Wynberg, Zuurbraak, Malmesbury, Ceres, Elandskloof, Kaapstad, Riebeek-Kasteel en Montagu) en die Middellandse Ring (George, Beaufort-Wes, Middelburg, Graaff-Reinet, Beaconsfield, Kimberley en Richmond) (*Acta NGSK* 1892:20). Al bovermelde gemeentes was op dié Sinode verteenwoordig. Ds P

Teske is as voorsitter en ds A Weich is as scriba van die Middellandse Ring gekies, Eerw C J Pauw is as voorsitter van die Westelike Ring gekies en eerw B Pienaar as scriba (*Acta NGSK* 1892:22-23). Beide die Westelike Ring en die Oostelike Ring het op 11 Julie 1892 vir die eerste keer gekonstitueer (Kriel 1981:40).

Op die derde Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk (1892) het die kommissie vir die opstel van 'n vereenvoudigde wetboek, waarvan Paul Teske self 'n lid was, gerapporteer dat hul die opdrag nie uitgevoer het nie, aangesien hul van mening was dat die tyd vir 'n eie wetboek nog nie ryp was nie. Die Sinode het kennis geneem van die verslag van die kommissie (*Acta NGSK* 1892:15). Verder het die Sinode ook besluit dat artikels van die *Wette en Bepalinge van die NGK* deur die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk handhaaf moes word (*Acta NGSK* 1892:17). Op voorstel van eerw Teske dat die Sinode die BSK sal versoek om te verklaar of hul die transport en dokumente van die Beaufort West behoorlik ondersoek het en as eiendom vir die NGK gewaarborg is, het die BSK instemmend geantwoord:

Ds Botha verklaar nu, in de naam van de Syn. Binnelandsche Zending commissie, op grond van rechtgeleerde opinie, door haar ingewonnen, dat de vaste eigendommen van de Zendinggemeente der Ned. Geref. Kerk te Beaufort West, volgens transportacten dier eigendommen, behoorlijk voor de Ned Geref Kerk gewaarborgd zijn .

(*Acta NGSK* 1892:18)

Teske het, onder andere by die Stigtingsinode die voorwaarde dat die eiendom aan die NGK volgens *Konstitusie* getranspoteer moes word, as kerkregtelik juis betwyfel (Kriel 1963:107). In 1892 het Teske die voorvereiste nagekom deurdat ook Beaufort-West se eiendom vir die NGK gewaarborg was.

Op 9 tot 11 September 1896 het die vierde Sinode Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk te Wellington plaasgevind. Eerw A F Weich is op die Sinode as moderator

gekies (*Acta NGSK* 1896:5).<sup>7</sup> Twintig gemeentes was deur hul afgevaardigdes, 15 sendelinge en 17 ouderlinge, op die Sinode verteenwoordig (Kriel 1963:87).<sup>8</sup> Op dié Sinode 1896 was geen beskrywingspunte met betrekking tot die daarstelling van 'n eie wetboek ingedien nie (*Acta NGSK* 1896:5-8). Eers op die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk-Sinode 1908 het die kwessie oor die daarstelling van 'n eie wetboek vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk weer aan die orde gekom. Eerwaarde S Weich, predikant van Malmesbury, het op die Sinode voorgestel dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk moes oorgaan tot die opstel van 'n eie wetboek vir die omstandighede en behoeftes van die binnelandse sendingkerk: “De synode neme in ooverweging of de tijd nu niet gekomen is, dat er een ekstrakt uit het wetboek gemaakt worde, met nodig geachte bijvoegingen, geschikt en toepasselijk voor de tegenwoordige omstandigheden en behoeften der binnelandse zendingkerk (*Acta NGSK* 1908:11).

Die voorstel van eerwaarde S Weich, was deur die Binnelandse Sendingsekretaris, ds J du Plessis, gesteun (Kriel 1981:160). Ds Du Plessis het gemeen dat daar 'n reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk opgetrek kon word, mits dit nie indruis teen die wette en bepalinge van die NGK nie. Eerwaarde Weich het dit duidelik gestel dat dit nie sy bedoeling is om die *Wetboek van die NGK* oor boord te gooi nie, maar dat hy vir 'n ekstrak pleit vir soverre dit vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk nodig is (*Acta NGSK* 1908:11). Twyfel het op die Sinode bestaan of die Nederduitse

---

<sup>7</sup> Hy was van Duitse afkoms. Hy was gebore op die sendingstasie Komaggas, Namakwaland, waar sy vader leraar was van die Rhyne Sendinggemeente. Hy het die gemeentes Murraysburg (Kaapland) en Zionskerk in Paarl bedien. Hy aanvaar emeritaat in 1910 (Joubert 1932:227-228).

<sup>8</sup> Teen 1908 was slegs 10 gemeentes, te wete, Wellington, Wynberg, Ceres, Malmesbury, Ebenezer (Kaapstad), Paarl, Oudtshoorn, Beaconsfield, Calvinia en Britstown finansiëel selfstandig. Al die ander gemeentes, wat alreeds 'n eie leraar besit het, was met 'n jaarlikse toelaag, vanaf £20 tot £60, uit die Binnelandse Sendingkas ondersteun (*Almanak* 1908:27). Beaufort-Wes was dus een van die gemeentes wat afhanklik was van steun van die Binnelandse Sending. In samewerking met Binnelandse Sendingkommissie was in elke Ring 'n Ringsendingkommissie saamgestel wat binne die Ringsressort van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk die

Gereformeerde Zendingkerk haar van die wette en bepalinge van die NGK onttrek het (Kriel 1963:107). Die leraar van Wellington, eerw J C Pauw, het gevra of die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk die reg het om haar te onttrek van die wette en bepalinge van die NGK. Daar was gevolglik op die Sinode 'n kommissie benoem, bestaande uit die moderatuur, eerww C J Pauw, H Dekker, I D Pienaar, asook die leraars van onderskeidelik Malmesbury, eerw S Wiech, en Woodstock, eerw J P De Villiers, asook ds J Du Plessis, sekretaris van die Binnelandse Sendingsubkommissie,<sup>9</sup> om 'n konsep wetboek op te stel en aan die volgende Sinode van die NGK voor te lê vir bekragtiging:

Deze vergadering drage het aan een kommissie op om een concept reglement op te trekken en aan de moederkerk-synode sanktie te vragen, met dien verstande, dat dit niet indruist tegen de bepaalde wetten der moederkerk en dat het konsept eerst wordt gelegd voor de volgende synode en dat het dan uit naam der synode door de zending kommissie aan de synode der moederkerk zal worden voorgelegd.

(Acta NGSK 1908:11)

Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1912) het 'n gedrukte vorm van die konsep wetboek gediens (*Acta NGSK 1912:9*). Dit het bekend gestaan as die *Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in de Kaapprovinsie van Zuid-Afrika*. Die Sinode het besluit om die behandeling van die konsep wetboek te staak, omdat slegs die NGK die bevoegdheid gehad het om kerklike bepalinge vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk te ontwerp en/of te wysig (Kriel 1981:160 vergelyk ook art 226 van die *Kerkwet van die NGK 1881*). Die NGK was gevolglik deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (1912) versoek om 'n konsep wetboek te ontwerp (*Acta NGSK 1912:10-11*). Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk se

---

belange van die sending behartig het. Die finansies van die verskillende Ringe was deur die Binnelandse Sendingkommissie beheer (*Almanak 1908:27*).

<sup>9</sup>. Op die Sinode van die NGK (1903) het die ou Binnelandse Sendingkommissie opgehou om te bestaan. Die Algemene Sinodale Sendingkommissie is op die Sinode in sub-kommissies verdeel. Die Binnelandse Sending-subkommissie het tot stand gekom wat verantwoordelik was vir uitbou van die NGSK. Die Binnelandse Sending-subkommissie het sitting op die Sinode van die NGSK gehad (Kriel 1981:41).

verandering van die konstitusie was afhanklik aan die ratifisering, bekragtiging en/of goedkeuring deur die NGK se Binnelandse Sending-subkommissie.

#### **4.2.3 Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering**

Die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGK het sittingsreg en stemreg op die Sinode van die NGSK gehad (vergelyk art 226 van die *Konstitusie* asook Kriel 1981:161). Volgens art. 33 van die Dordtse Kerkorde (= DKO) behoort slegs afgevaardigdes met 'n getekende geloofsbrief sittingsreg by 'n meerdere vergadering te kry: “Die tot de samenkomsten afgezonden worden, zullen hun credentiebrieven en instructiën, ondertekend zijnde van degenen die ze zenden, medebrengen, en dezen zullen alleen keurstemmen hebben.” Op die meerdere vergadering van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was die NGK verteenwoordig deur die Binnelandse Sending-subkommissie. 'n Meerdere vergadering is egter volgens die Doleansiekerkreg 'n vergadering van kerke wat vrywillig in kerkverband met mekaar staan. Die *Konstitusie* van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk gaan nie van die primordiale reg van die plaaslike gemeente uit nie, aangesien groter mag aan die NGK se Binnelandse Sending-subkommissie verleen is as die plaaslike gemeente. Volgens art 36 van die DKO is daar 'n prinsipiële verskil tussen die gesag van die Kerkraad en die meerdere vergadering: “Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, het welk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere.”<sup>10</sup>

---

<sup>10</sup> Kerkenordening gesteld in de Nationale Synode de Gereformeerde Kerken binnen Dordrecht in de jare 1618 en 1619 (=DKO)

#### 4.2.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Reeds op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1891) het Teske die vraag gevra in hoeverre die kerklike wette van die NGK vir die uitoefening van die kerklike tug vir die sendinggemeente bindend was. Die voorsitter, eerw JC Pauw, het geantwoord dat volgens art 219 van die *Konstitusie* die bepalinge bindend is in soverre die omstandighede en behoeftes van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk toepaslik was (*Acta NGSK* 1891:5). Geen voorsiening vir afsetting van ouderlinge, diakens en sendelinge was in die *Konstitusie* gemaak nie. Die NGK het alreeds in 1824 'n vierde amp ingestel, naamlik die amp van die sendeling. Die sendeling was iemand wat opleiding ontvang het om die evangelie aan die sogenaamde heidene te verkondig. 'n Reglement vir die ordening van sendelinge was in 1826 goedgekeur. Volgens prof C J Kriel word reeds met art 221 en 222 van die *Konstitusie van die Sendingkerk (1881)* die dubbele lidmaatskap van sendelinge in die vooruitsig gestel (*Skema NGSK* 1978:70). Die sendelinge sou direk onder die opsig en tug van die NGK ressorteer (Kriel 1981:160). Met betrekking tot die tugreg oor sendelinge is die selfbeskikking van die NGSK deur bogenoemde bepalinge aan bande gelê. Die NGSK moes met betrekking tot die tug van sendelinge handel ooreenkomstig die bepalinge van NGK (Kriel 1981:33).

Die kwessie van tugreg ten opsigte van die sendelinge het 1908 aan die orde kom. Die Middellandse Ring het die Sinode versoek om hul besluit te bekragtig insake die saak van die gewese leraar van Upington, J A Van Niekerk. Hulle het J A van Niekerk weens onsedelike gedrag afgeset. Die Middellandse Ring het die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk-Sinode versoek om J A van Niekerk af te set van sy amp as leraar en sy status terug te trek, aangesien algehele afsetting alleen deur die Sinode kon geskied (*Acta NGSK*

---

1908:4). Die Sinode het eenparig besluit dat J A van Niekerk onbevoeg is vir die leraarsamp en het sy status ontnem: “De uitspraak van de Synode is, dat J A van Niekerk wegens het bedreven kwaad onbevoegd is tot het leraars ambt en hem mits deze zijn status ontnemt. Waardeur nu verstaan wordt, dat genoemde persoon ophoudt leraar te zijn” (*Acta NGSK 1908:5*).

Die Sinode van die NGK (1908) het die hele aangeleentheid met betrekking tot die tug van die sendelinge na hul Regskommissie verwys ten einde die Sinode met advies te bedien (Kriel 1963:108). Onder andere moes die Regskommissie vasstel of dit binne die bevoegdheid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk sou lê om ’n sendeling te skors en/of af te set. Die Sinode van die NGK (1909) het op aanbeveling van die Regskommissie besluit dat die Sendelinge onder die tug van die Ringe van die NGK wat hulle gelegitimeer het, staan (*Acta NGK 1909:101*). Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was dus nie bevoeg om ten opsigte van wangedrag sendelinge te skors en/of af te set nie. Die Sinode van die NGK (1909) het ook besluit om die hele aangeleentheid insake die uitoefening van die kerklike tug na die Binnelandse Sending-subkommissie te verwys wat by die volgende Sinode verslag moes lewer (*Acta NGK 1909: 92*).

Sedert 1908 het die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk haar beywer dat die reg om die tug uit te oefen ten volle erken word. Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (1912) het na aanleiding van die uitspraak van die Sinode van die NGK (1909) ’n mosie aanvaar (met die steun van ds D S Botha van die Binnelandse Sendingkommissie) dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk self



die tug op die sendelinge behoort toe te pas (Botha 1981:160). Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk beklemtoon met dié besluit op voetspoor van die DKO art 37 dat die tugreg van die Kerkraad van die plaaslike gemeente, nie op die Ring of Sinode of die Binnelandse Sending-subkommissie oorgedra kan word nie.<sup>11</sup> Die Sinode van die NGK (1915) het egter besluit dat hierdie reg alleen die NGK toekom.

#### **4.2.5. Die appèlreg ten opsigte van die besluite van 'n meerdere vergadering**

Die besluite van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was volgens art 226 onderworpe aan die goedkeuring van die NGK. Art 226 ken aan die Binnelandse Sending-subkommissie 'n dwingende mag toe (*potestas definitiva*). Wetswysigings was volgens art 226 van die goedkeuring van die Binnelandse Sending-subkommissie afhanklik. 'n Kommissie van die NGK te wete die Binnelandse Sending-subkommissie het as 'n soort hoër bestuur, 'n *senatus ecclesiasticus* of super-kerkraad, gefunksioneer wat onderwerping vra. Die NGK het bestuursmag oor en buite die plaaslike gemeente *locus classicus* van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk uitgeoefen. Die vetoreg van die Binnelandse Sending-subkommissie is tekenend van die beoefening van hiërargiese kerkregeringstelsel. In hiërargiese kerkregeringstelsel, anders as in 'n Gereformeerde kerkregeringstelsel is daar ruimte dat 'n laer bestuur se besluite deur 'n hoër bestuur vernietig en/of geveto kon word. Die aard van die gesag van die Kerkraad, die Ring en die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk en dié van die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGK was nie dieselfde nie. Laasgenoemde kommissie het hoër gesag in vergelyking die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk

---

<sup>11</sup> Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen een openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelijk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaand oordeel des kerkenraads

gehad. In die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGK vind 'n kulminasie van mag plaas. Die kommissie kon oor sake handel wat uiteraard tot die bevoegdheid van die mindere of meerdere vergaderinge van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk tuishoort. Die Binnelandse Sending-subkommissie het teenoor die plaaslike gemeente dwingende, beslissende mag gehad. Die Binnelandse Sending-subkommissie het nie slegs adviserende stem nie, maar kon ook besluite van die NGSK veto en/of nietig verklaar. Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk kon gevolglik geen wysigings aan die *Konstitusie* doen sonder die goedkeuring van die NGK nie, aangesien die Binnelandse Sendingkommissie kassasiereg ten opsigte van besluite van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk gehad het. 'n Nuwe formulering van die wette en bepalinge van die NGSK wat in enige opsig mag afwyk van die *Konstitusie* kon alleen plaasvind met goedkeuring van die NGK. Volgens DKO art 31 is besluite wat deur die meerdere vergadering geneem word, bindend met voorbehoud van die beperkinge in dié artikel:

Zo iemand zich beklagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden, tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze Generale Synode besloten, zo lang als dezelve door geen andere Generale Synode veranderd zijn.

(DKO art. 31)

### **4.3. Beperkte outonomie onder die grondwet ( 1915-1956)**

Die tydperk 1916 tot 1956 kenmerk volgens Kriel (1981:160) dus 'n tydperk van beperkte outonomie. Op Sinode van die NGK (1915) is die *Konstitusie van 1880* herroep en het 'n konsep grondwet vir die NGSK goedgekeur (*NGK Wetboek* 1915 art 254-66). Die konsep grondwet is in die *NGK Wetboek* 1915 opgeneem. Die Sinode van

---

derzelfer en der naast gelegene gemeente van hun dienst afgezet, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van de dienst af te zetten zijn, zal in het oordeel der classe staan. (DKO art 79).

die NGSK (1916) het op voorstel van eerw J P de Villiers haar dank teenoor die NGK uitgespreek wat aan die NGSK die vryheid verleen het om haar eie wette en bepalinge te maak en het terselfdertyd dit aan haar kommissie opgedra om dadelik met gebruikmaking van die konsep wat alreeds 1912 opgestel was, sodanige wette en bepalinge vir gebruik in die NGSK te ontwerp in aanmerking nemende van die *Grondwet* van die NGK soos vervat in art 254-266 in die “*Wetboek van die Moederkerk* en die dan zoo spoedig moegelyk aan deze vergadering ter beoordeeling voor te leggen” (*Acta NGSK* 1916:6). Tot die kommissie is benoem die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie, drie NGSK-leraars te wete, eerw J Breedt, S Cilliers en J P De Villiers asook twee ouderlinge, naamlik M A Vlotman van Beaufort-West en J Skrikker van Upington (*Acta NGSK* 1916:6). Na verskeie vergaderinge het die kommissie daarin geslaag om die eerste wette en bepalinge vir die NGSK op te stel. Die Sinode van die NGSK (1916) het toestemming verleen dat die 200-eksemplare van die wetboek gedruk word. Op genoemde Sinode<sup>12</sup> is die *Grondwet* waarin onder andere die samestelling van die kerkvergaderinge, kerkregering, belydenisgrondslag en eiendomsreg gereglementeer is, amptelik in ontvangs geneem. Op dié Sinode is opdrag gegee dat bepalinge vir die werksaamhede van die kerk, wat nie in stryd met die *Grondwet* is nie, opgestel word en aan die volgende Sinode voorgelê word (Kriel 1981:160). Art 226 is op dié Sinode gewysig sodat dit die NGSK vry sou staan om binne die raamwerk van die *Grondwet* eie wette en bepalinge op te stel, te vermeerder, te vernietig, te verander, uit te brei of te verbeter (Kriel 1963:70). Die eerste konsep kerkwet vir die NGSK is teen Mei 1917 beskikbaar gestel vir verkope (*Acta NGSK* 1920:34-35).

Op die Sinode van die NGSK (1920) is die konsep kerkwet deur die NGSK in behandeling geneem en gewysig om as die eerste *Wetten en Bepalinge voor het bestuur van de Nederduitse Gereformeerde zending-kerk in zuid-afrika* die lig te sien (Botha in Kriel

---

<sup>12</sup> Teen 1916 het agt-en veertig gemeentes aan die NGSK behoort.

1981:160 asook *Acta NGSK* 1920:15-21). Die Sinode van die NGSK (1920) het aan die actuarius gemagtig om die veranderinge van die *Konstitusie* in die “wetboek” van die sendingkerk op te neem (*Acta NGSK* 1920:21). Op die Sinode van die NGSK (1924) is besluit om die *Wetten en Bepalinge voor het bestuur van de Nederduitse Gereformeerde zending-kerk in zuid-afrika* in Afrikaans te laat druk (*Acta NGSK* 1924:41). Die NGSK se outonomie was deur die NGK beperk, aangesien die NGK op eie diskresie die *Grondwet* kon wysig. Eers op die Sinode van die NGK (1940) is dié beperking opgehef.

#### **4.3.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk**

Die NGSK het bestaan uit alle sendinggemeentes, sendingwerkkringe en sendingwerksaamhede wat deur die NGK gestig is, of anders met die NGK in verband staan en aan die NGSK oorgegee is (vergelyk art 327 *Wette en Bepalinge vir die bestuur van die NGK in SA* 1953:91). Art 2 van die *Grondwet* het bepaal dat die NGSK hom nie mag verenig met ’n ander genootskap of uitbrei buite die kerkkressort van die NGK nie. Daardeur was die mag tot selfuitbreiding van die NGSK beperk (Jacobs 1951:66). Volgens art 2 van die *Grondwet* het die NGSK bestaan uit al die gemeentes wat deur die NGK en deur haar Binnelandse Sendingkommissie gestig is en kon enige selfuitbreiding of selfontplooiing van die NGSK kon egter alleenlik met die toestemming van die NGK of haar wettige opvolgers geskied. Eers in 1957 is die artikel gewysig om ook alle gemeentes wat deur die Sendingkerk self ooreenkomstig kerklike bepalinge gestig is of nog gestig sou word in te sluit (*Bepalinge en Reglemente van die NGK* 1957 art 1). Artikels 328 tot 330 wat onder andere betrekking het op die samestelling, voortbestaan, uitbreiding, opheffing van die NGSK, was eers op die Sinode van die NGSK (1966) ingrypend gewysig word. Die NGSK se outonomie was deur die *Grondwet* beperk. Die

NGSK kon self gemeentes stig met dien verstande dat die NGSK met geen ander kerkgenootskap kon verenig of mag uitbrei buite die kerkressort van die NGK nie, anders as met die toestemming van die Sinode van die NGK nie (art 328 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*). Stigting van gemeentes buite die grense van die georganiseerde NGSK kon slegs met die toestemming van die Algemene Sendingkommissie<sup>13</sup> plaasvind (art 329 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*).

Die opheffing van gestigte gemeentes kon slegs geskied nadat die Ring van die NGSK en die Algemene Sendingkommissie goedkeuring daarvoor verleen het (art 330 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*). In die geval van die opheffing van gestigte NGSK gemeentes neem die betrokke Ring van die NGSK asook die Algemene Sendingkommissie kerklike eiendom asook bates in bewaring en wend dit aan vir die doel waarvoor dit bestem was ook indien sodanige gemeente met 'n naburige gemeente verenig (art 330 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953: 91*). Met die oog op gemeentes, werkkringe of werksaamhede wat te swak is om 'n leraar te onderhou, kon volgens 'n gemeente gevorm word deur die saamtrekking van twee gemeentes, werkkringe of werksaamhede onder toesig en in oorleg met die Kerkrade van die NGK en die Binnelandse Sendingkommissie (*Bepalinge Reglemente NGK 1957 art 4 (c)*). Uit bovermelde is dit duidelik dat slegs 'n beperkte mate van selfbeskikking aan die NGSK deur die *Grondwet* verleen was. Die regeermag van die NGSK was deur óf die NGK Kerkraad, óf Ring, óf Binnelandse Sending-subkommissie óf die Algemene Sendingkommissie beperk. Bogenoemde kerkvergaderings of kommissies van

---

kerkvergaderings van die NGK het sedert stigting van die NGSK as 'n hoër bestuursliggaam teenoor die Kerkraad, Ring en Sinode van die NGSK opgetree.

Alle eiendomme van die NGSK was onder die trusteeskap van die NGK. Die Sinode van NGK (1915) het met betrekking tot art 221 bepaal dat die oordrag/transportering van onroerende eiendom op naam van die Binnelandse Sending-subkommissie, of ander persone wat deur die kommissie goedgekeur as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeentes, Ring of Sinode geskied (Kriel 1963:69). Alle onroerende goedere wat verkry was ten behoeve van 'n afsonderlike gemeente of Ring of van die Sinode van die NGSK was of verkry sou word moes volgens art 340 op die naam van die Binnelandse Sending-subkommissie as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente, Ring of die Sinode getranspoteer te word. Eers op die Sinode van die NGK (1940) is besluit dat Kerkrade van die NGSK voortaan op bepaalde voorwaardes eiendom op hul naam sou kon transporteer. Met die toestemming van die Binnelandse Sending-subkommissie kon onroerende eiendom op die naam van sodanige persone wat deur die Algemene Sendingkommissie goedgekeur is as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente, Ring of die Sinode getranspoteer te word (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 95, art 340). In die geval egter waar 'n afsonderlike gemeente van die NGSK die hele koopskat van die onroerende eiendom byeengebring en afbetaal het, kon met toestemming van die Binnelandse Sendingkommissie, sodanige eiendom getranspoteer word op die naam van die Kerkraad van sodanige gemeente van die NGSK as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente. Onroerende eiendom kon nie sonder die toestemming van die

---

<sup>13</sup> Die Algemene Sendingkommissie was verantwoordelik vir die sendingwerk van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:75).

Binnelandse Sending-subkommissie verkoop, vervreem, beswaar, met verband belas of andersyds mee gehandel word nie (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953: 95, art 340*).

Die taak van Kerkraad word, anders as in die geval van die *Konstitusie*, duidelik omskryf in die *Wette en Bepalinge van die NGSK* (Kriel 1961:285 asook *Kerkwet NGSK 1950* hoofstuk 3). Volgens artikel 333 van die *Grondwet* word elke gemeente verteenwoordig en bestuur deur 'n Kerkraad, saamgestel uit minstens een geordende leraar, twee ouderlinge en vier diakens wat hul ampspligte waarneem ooreenkomstig die onderskeie formuliere wat tot die bevestiging van sodaniges by die NGK in gebruik is en ooreenkomstig die kerklike wette en bepalinge van die NGSK (*Wette en Bepalings NGK in SA 1953:91*). Daarmee word voorsiening gemaak dat sendelinge en leraars van die NGSK deur middel van verskillende formuliere in die NGSK bevestig sou word.

In die geval waar die Kerkraad van die NGK twee derdes van die sendeling se salaris waarborg, het die NGK die sendeling beroep en selfs te verplaas. Die Kerkraad van die NGK het die waarborg tesame met die naam van die beroepende aan die NGSK Kerkraad gestuur. Die NGSK het in die geval slegs die beroepsbrief geteken. Waar die Binnelandse Sending-subkommissie twee derdes van die salaris bygedra het, het die Binnelandse Sending-subkommissie die sendeling beroep. Die Binnelandse Sending-subkommissie het die waarborg tesame met die naam van die beroepende aan die NGSK Kerkraad gestuur wat die beroepsbrief geteken het. Waar die NGK slegs 'n derde van die salaris bygedra het en die NGSK 'n derde bygedra het, het die plaaslike Kerkraad van die NGSK uit 'n lys van drie name van sendelinge wat die NGK aan die NGSK voorgelê die beroep uitgebring. Die NGSK was egter verplig om uit die voorgelegde

groslys 'n sendeling te beroep. Indien die NGSK in staat was om twee derdes van die salaris van die leraar by te dra, het die NGSK volgens art 339 die reg gehad om 'n sendeling te beroep (*Wette en Bepalings NGK in SA 1953:91*). Die NGSK kon nie tot beroep van 'n sendeling oorgaan nie, alvorens die minimum-salaris met vry inwoning gewaarborg is nie.

#### **4.3.2. Die karakter van die kerkverband**

Vir die gereelde uitvoering van kerklike besluite was die gemeentes onderling verenig in Ringe (*Kerkwet NGSK 1950 art 58*). In die *Kerkwet van 1917* word die funksie van die Ring omskryf: “De Ringen zijn belast met de zorg voor de belangen van den Godsdienst, de bewaring der goede orde en handhawing der Kerkelijke Wetten in hun resort” (*Kerkwet NGSK 1917 Art 50*). Die take van die Ring het onder ander ingesluit kerklike ondersoek en tug. In 1956 het die NGSK bestaan uit 14 Ringe wat 132 gemeentes verteenwoordig het (Kriel 1963:159). Gedurende 1915-1956 was die Ringswerkzaamhede van die NGSK volgens Kriel op 'n vaste grondslag geplaas (1963:101). Die kerkverband en die samewerking van die NGSK berus op vrywillige instemming berus. Die kerkregering word in die NGSK uitgeoefen deur die Kerkrade, Ringsvergaderings en die Sinode (Art 331 *Wette en Bepalings NGK in SA 1953: 91*). Art 221.2. (b) van die *Konstitusie* wat te doen gehad het met die feit dat die samestelling van die meerdere vergadering afhanklik was van die finansiële vermoë van die plaaslike gemeente om 'n sendeling se emolumente te bekostig was nie in die *Grondwet van 1915* opgeneem nie (Kriel 1963:72): “Ten minste een derde deel van het salaris van haren zendeling selve betaalt” (*Kerkwet NGK 1881:87*). Die *Grondwet* bepaal dat die Sinode saamgestel word deur alle diensdoenende leraars en



'n afgevaardigde ouderling of oud-ouderling uit die onderskeie gemeentes (*Wette en Bepalings NGK in SA 1953:1922:7*). Die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie het sittingsreg en stemreg op die Sinode en die Sinodale Kommissies van die NGSK behou (*Wette en Bepalings NGK in SA 1953: 91, art 335*).

#### **4.3.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering.**

Volgens Kriel (1963:160) het die hoogste bestuur van die NGSK ten opsigte van kerklike sake by die Sinode berus. Ook op die Sinode van die NGSK (1937) word die Sinode aangedui as “die hoogste bestuur van die kerk en sy beslissings is bindend vir die hele kerk (art 77-79). Die Sinode maak alleen die wette vir die kerk wat bindend is vir die hele kerk” (*Acta NGSK 1937:92*) Die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag van die NGSK was egter onderhewig aan die beperkende voorwaardes van die *Grondwet*. Die *Grondwet* kon eensydig deur die NGK verander word. Volgens die Doleansiekerkreg het die meerdere vergadering beperkte gesag en mag, wat begrens word deur die kerkorde en die Skrif. Die NGK kon die besluite en/of kerkordelike wysigings van die NGSK vernietig. Die NGK het die ratifikasiereg behou. Die sinodale mag van die NGSK was deur die NGK beperk. Besluite van die NGSK was onderhewig aan die goedkeuring van die Binnelandse Sending-subkommissie:

Die Sinode van die NG Sendingkerk word gemagtig om Wette en Bepalings word gemagtig om Wette en Bepalings vir sy bestuur te maak te wysig en te vernietig... Hierdie Wette en Bepalings sal steeds in ooreenkoms met hierdie Grondwet moet gemaak word en sal binne dertig dae na enige besluit val deur die drie lede (van die Sinodale Sendingkommissie) kan reserveer word vir beslissing deur die Sinodale Sendingkommissie. Oor sodanige beslissing sal die Sendingsinode reg van appèl hê by die Moederkerk.

(Jacobs 1951:69)

Volgens art 342 van die *Grondwet* het die Binnelandse Sending-subkommissie en die Moderatuur van die NGSK met die oog op onderlinge voorligting, sowel as die bevordering en instandhouding van 'n voortdurende goeie gesindheid tussen die NGSK en die NGK 'n gesamentlike Skakelkommissie gevorm. Die Skakelkommissie het gereeld elke ses maande vergader om onder andere sake wat op sinodale vlak na hul verwys is, te hanteer (vergelyk art 342 *Wette en Bepalinge NGK SA 1953:190*).

Die uitsluitlike reg om die *Grondwet* te verander, uit te brei, of te herroep het by die Algemene Sinode van die NGK berus (*Wette en Bepalinge NGK 1953: 190, art 336*). Die NGK kon op eie diskresie die *Grondwet* wysig. Alle voorstelle wat sodanige veranderings, verbeterings of herroepings beoog, moes aan die Skakelkommissie vir oorweging voorgelê word. Die NGSK het slegs beperkte wetgewende bevoegdhede gehad. Die NGSK kon wette en bepalinge vermeerder, herroep, verander, uitbrei, verbeter met dien verstande dat dit nie in stryd met die *Grondwet* mag wees nie (*Kerkwet NGSK 1950:art 8*). Die Skakelkommissie het die NGK se voorstelle met betrekking tot wetswysigings by die Algemene Sendingkommissie van die NGK ingedien, wat die reg voorbehou het om die voorstelle in hul oorspronklike of gewysigde vorm in hul verslag aan die Sinodale vergadering van die NGK voor te lê. Die Moderatuur van die NGSK het die reg voorbehou om hul eie bevindinge aan die NGK Sinode voor te lê (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91, art 342*). Die NGSK kon geen bindende advies gee en kon geen wysigings aan die *Grondwet* sonder die goedkeuring van die NGK doen nie. Volgens die Gereformeerde Kerkreg hoort die uitvoering van die besluite van 'n meerdere vergadering by die Kerkraad.

In 1958 het die Skakelkommissie opdrag gegee dat die bestaande werkkringe by die geskikte Ringe ingedeel word. Die Permanente Regskommissie (=PRK) stel dit in die *Skema van Werksaamhede* (1966) duidelik dat werkkringe geen status in die Gereformeerde kerkreg het nie en selfs in die sendingwetenskap het nie. Werkkringe is volgens die PRK bloot 'n skepping van die “moederkerk is en in sy kerkregtelike posisie binne die Moederkerk is dit dan ook die van 'n klein sendingveldjie.” Volgens die sendingbeleid kon so 'n werkkring nooit tot die organisasie van die NGK behoort nie en was dit in trust gehou deur die NGK vir latere inskakeling by die NGK (*Skema NGSK* 1966:151). Werkkringe se eiendom moes volgens art 12 van die *Grondwet* aan die NGSK getranspoteer word (*Skema NGSK* 1966:151-152).

#### **4.3.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers**

Die Sinode van die NGSK (1915) het besluit dat tugtoepassing op sendelinge die prerogatief van die NGK is (Kriel 1981:160). Die *Grondwet* het aan die eenkant die Gereformeerde kerkregtelike beginsel erken dat die tug en regering uitgeoefen word in die NGSK deur die kerkrade, Ringe, Algemene vergadering of Sinode (art 3), maar het aan die anderkant in art 6 bepaal dat die sendelinge direk onder die opsig en tug van die NGK val. Art 6 het soos volg bepaal: “Die Ringen zullen over de gemeente binnen hun resort toezicht houden... kerklijke tucht uitoefenen over kerkraden en kerkradsleden, met voorbehoud echter, dat de leeraren onderworpen zullen zijn aan de tucht der Moederkerk alleen, overeenkomstig hare eigen Wetten en Bepalingen” (*Kerkwet NGSK 1917*). Die afsetting van sendelinge deur die Binnelandse Sending-subkommissie kon volgens art 6 alleenlik ooreenkomstig die kerkregtelike bepaling van die NGK geskied en kon dus sonder die medewerking van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk plaasvind.

Reeds op die Sinode van die NGSK (1932) het ouderling van Caledon, C F D Viljoen, en die ouderling van Immanuel, J N Kearns, gevra of die leraar van die Sendingkerk lid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk is, of daar 'n kleurstreep is tussen die “moeder en Sendingkerke, of God 'n aannemer van die persoon is en of 'n lid van die Sendingkerk lid van die “moederkerk” kon word (*Acta NGSK 1932:14*). Die Sinode het bevestig dat 'n sendeling lid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk is kragtens die “feit dat die Sendingkerk as geheel aan die Moederkerk behoort” en dat hy na sy bevestiging deur die voorsitter van die Ring as lid van die Ring van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk verklaar is (*Acta NGSK 1932:46*). Sendelinge het hul lidmaatskap by die NGK behou en het volgens Kriel kragtens hul lidmaatskap en amp onder die jurisdiksie van die NGK se Ringe geval (1963:110).

Aangesien die wetsbepalings van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk slegs voorsiening gemaak het vir tugmaatreëls teen kerkraadslede van genoemde Sendingkerk, is daar in die *Kerkwet 1937* in lyn met art 239 (13) van die NGK soos volg voorsiening gemaak vir die bestraffingsmaatreëls van die sogenaamde Kleurling leraars te maak:

- (a) Bestrafing, na eis ingerig, deur die Voorsitter, namens die Ring, of in of buite die vergadering.
- (b) Skorsing in diens vir 'n bepaalde tyd, met gehele of gedeeltelike verlies van traktement.
- (c) Skorsing in diens vir 'n bepaalde tyd met gehele of gedeeltelike verlies van traktement.
- (d) Skorsing in diens vir 'n onbepaalde tyd met onslag uit sy gemeente, verlies van traktement, en verval van alle regte op woning of emolumente.
- (e) Uitspraak met kennisgewing aan die Sinode dat die leraar afgeset behoort te word en dat sy Akte van Toelating ingetrek te word. Hierdie afsetting en intrekking van sy Akte van Toelating kan alleen deur die Sinode geskied.

(*Acta NGSK 1937: 16-17 en 25-27 en 174*)

Die Sinode van die NGSK (1937) het die voorstel van die kommissie vir wetswysigings goedgekeur dat die Sinode die reg het om ingeval van “Kleurling leraar” die Akte van Toelating op kennisgewing van die Ring in te trek (*Acta NGSK 1937:37*). Die NGSK kon slegs die tugreg oor die ouderlinge en diakens asook leraars vanuit die NGSK uitoefen. Die opheffing van die sensuur van ’n geskorste “Kleurling leraar” of evangelis sou geskied deur die liggaam wat hom geskors het. Die herstel van ’n geskorste “Kleurling leraar” kon slegs geskied deur die Sinode op aanbeveling van die Ring wat hom geskors het. Die Binnelandse Sending-subkommissie, daarenteen, kon sonder die inspraak van die NGSK, sendelinge afsit. Die Binnelandse Sending-subkommissie het volledige tug-, leer- en regeermag in die NGSK gehad. In die toepassing van die tugreg is sedert 1937 ’n onderskeid gemaak tussen sendelinge en leraars vanuit die NGSK. Die opsig en tug oor leraars vanuit die NGSK was deur die NGK uitsluitlik aan die NGSK opgedra.

Die Ringe hou volgens artikel 334 toesig oor die gemeentes binne die ressort, behartig die algemene belange van die gemeente, waak oor die nakoming van die kerklike wette en bepalinge, en oefen kerklike tug uit oor die ampsdraers, met die voorbehoud, dat die sendelinge hul sou onderwerp aan die tug van die NGK ooreenkomstig die wette van die NGK se eie bepalinge en wette (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*). Die NGK het die tugreg van die NGSK beperk tot ouderlinge en diakens en het die tugreg met betrekking tot die sendelinge wat werksaam was in die NGSK, behou. Sendelinge moes hul aan die sinodale gesag van die NGK onderwerp (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*). Die Binnelandse Sending-subkommissie en/of NGK die bevoegdheid om op eie inisiatief te neem met betrekking tot die kerklike sensuur, afsetting en implementering

van tugtoepassing met betrekking tot sendelinge. Die NGK ken deur middel van die Grondwet aan hul Sinodale kommissie dwingende regs mag toe en pas daadwerklike tuguitoefening ten opsigte van die sendelinge toe. Hierdie bevoegdheid kom volgens die Doleansiekerkreg alleen die plaaslike gemeente toe. Die besluit van 'n meerdere vergadering met betrekking tot die tug is volgens die Doleansiekerkreg formeel van aard en kom die praktiese uitvoering daarvan die plaaslike gemeente toe.

Leraars uit die NGSK het onder die tug van die NGSK se Ringe en Sinode geval (*Kerkwet van die NGSK art 153(A) 1950:59*).<sup>14</sup> Op die Sinode van die NGK (1940) is besluit dat die klagtes teen sendelinge vir 'n voorlopige ondersoek aan die bevoegde vergadering van die NGSK voorgelê behoort te word (Botha 1981:161). In 1953 het die NGK bepaal dat in die geval van sendelinge die NGSK die ondersoek kon doen en as dit blyk dat daar genoegsame gronde vir die verdere behandeling is, moes die NGSK dit aan die NGK voorlê wat die saak sou afhandel. Die NGSK moes ook die Algemene Sendingkommissie van die NGK in kennis stel indien sendelinge die NGSK sonder opgaaf van redes verlaat (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91 Art.337*). Die NGSK was volgens die *Grondwet* nie geregtig op die voltrekking van die tugreg op sendelinge nie: “Alle lidmate van die Sendingkerk wat nie onder sensuur staan nie, het die reg om besware of klagtes teen 'n blanke leraar van genoemde kerk by die bevoegde kerkbesture of kerklike ampsdraers van die Sendingkerk in te dien” (*Wette en Bepalinge NGK in SA*

---

<sup>14</sup> Die opleiding en legitimasie van sendelinge en leraars as ook hul uiteindelijke legitimasie tot die evangeliebediening was uitsluitlik die prerogatief van die NGK, tensy die NGK Sinode self anders sou bepaal (Art 338 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:94*). Die NGSK kon twee leraars benoem om in die toelatingseksamenkommissie asook in die eindeksamenkommissie te dien. Na hul legitimasie het die bruin leraars van die NGSK vir ten minste een jaar onder die toesig van die Skakelkommissie gewerk. Die Skakelkommissie kon die leraar plaas en verplaas in werkkringe of gemeentes waar sy dienste benodig was (art 326.12 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:90*). Sodra die kandidaat beroep is deur 'n Kerkraad van die NGSK of die Binnelandse Sending-subkommissie doen die Kerkraad aansoek by die Sendingkommissie vir die ordening van die kandidaat om tot die bediening van sakramente toe gelaat te word (art 326.13 *Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:90*). Die Binnelandse Sending-subkommissie

1953: 94, art 327). Die NGK het sodoende die reg tot die uiteindelijke toepassing van die tug ten opsigte van die sendelinge behou. Volgens artikel 279.3 van die NGK kon die Ring van die NGK van die volgende bestraffingsmiddels gebruik maak ten opsigte van sendelinge:

- (a) bestraffing, na die eis ingerig is, deur die voorsitter, namens die Ring, of in, of buite die vergadering,
- (b) Skorsing in die diens vir 'n bepaalde 'n tyd met of sonder die gebruik van die Bondseëls.
- (c) Skorsing in die diens vir 'n onbepaalde tyd met of sonder die gebruik van die Bondseëls.
- (d) Gehele intrekking van die Akte van toelating tot die predikdiens en die bediening van die Bondseëls (*Wette en Bepalinge NGK in SA:70 art 279.3*).

Die NGK oefen met betrekking tot die afsetting en sensuur van sendelinge mag uit wat uiteraard by die Kerkraad van die NGSK tuis hoort. Die NGK se beleid met betrekking tot sendelinge is tekenend van die beoefening van hiërargiese magsuitoefening. Volgens die Doleansiekerkreg het meerdere vergadering slegs beperkte bevoegdhede.

Die tugreg ten opsigte van sendelinge by die NGSK asook die bevoegdheid om uitspraak te lewer en selfs tot die uitvoering van een vonnis tot skorsing of afsetting oor te gaan was beperk deur die NGK. Die Binnelandse Sending sub-kommissie het as 'n soort *senatus ecclesiasticus* (as 'n opperkerkraad) gefungeer wat tot skorsing van die sendelinge kon oorgaan. Die Sinode van die NGSK kon wel aanbevelings met betrekking tot die

---

oordeel vervolgens of die vereiste stukke wat die aansoek vergesel in orde gevind is alvorens toestemming verleen word vir die ordening van die teologiese kandidaat.

bandlosmaking van 'n sendeling doen, maar die daadwerklike uitoefening van die besluit het nie op voetspoor van die DKO by die Ring of Kerkraad berus nie, maar by die NGK. Die Kerkraad van die NGSK het nie *potestas autorisativa* of die mag om met gesag op te tree en sensuur op sendelinge toe te pas nie. Volgens die Doleansiekerkreg het die Kerkraad in samewerking met die naburige Kerkraad die bevoegdheid om die bestuursmag aan ampsdraers tydelik of permanent op te skort. Aan die Binnelandse Sending-subkommissie was volledige leer-, regeer- en tugmag wat volgens die Gereformeerde kerkreg by uiteindelik by die Kerkraad tuis hoort, toegeken.

Volgens art 324 (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:87*) kon 'n sendeling wat sy status as sendeling verbeur het, by die Sinode van die NGK of by die sinodale kommissie van die NGK aansoek doen vir herstel van status. Die Sinode of die Sinodale Kommissie van die NGK het toestemming verleen dat die applikant by die Eindeksamenkommissie vir Sendingkandidate vir *colloquium doctum* aan te meld. Slegs die plaaslike gemeente het volgens Doleansiekerkreg die bevoegdheid om ampsdraers af te sit. Daarvolgens behoort die Sinode van die NGSK uitspraak te lewer met betrekking tot die tug van die sendelinge en behoort die Kerkraad uitvoering aan die besluit van die Sinode van die NGSK te gee.

#### **4.3.5. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge**

Daar word geen voorsiening in die *Grondwet* gemaak vir die reg tot appèl volgens art 31 van die DKO nie. Die Binnelandse Sending-subkommissie het vetoreg op besluite van die NGSK gehad. Die Binnelandse Sending-subkommissie het volgens art 336 sittingsreg en stemreg op die sinodale en sinodale kommissie vergaderings van die NGSK gehad (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953: 94*). Volgens art 226 het die NGK ook die reg



van kassasie, dit wil sê die bevoegdheid om die besluite van die NGSK nietig te verklaar in die *Konstitusie* van die Stigtingsinode verskans. Hierdie artikel is in die *Grondwet* van 1915 weggelaat, maar daar word in art 8 bepaal dat die NGSK die wette en bepalinge kon vermeerder, herroep of verander met dien verstande dat elke wet en bepaling van die NGSK wat strydig was met die *Grondwet* van nul en geen waarde sou wees (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:91). Die NGK het die *Grondwet* neergelê en was alleen bevoeg om dit te wysig. Die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie het die vetoreg ten opsigte van enige besluit asook volle sittingsreg en stemreg op die NGSK sinodale vergaderings behou (Smith 1972:40). Tot en met 1945 kon die NGK die *Grondwet* verander sonder om die NGSK daarin te ken. Op die Sinode van die NGK (1945) is besluit dat die NGSK van alle voorgenome wetswysigings van die *Grondwet* vooraf kennis moet kry en vooraf daarvoor geraadpleeg moet word (Kriel 1963:123). Waar daar verskille omtrent die kerkbestuur, leer of tug mag ontstaan het die NGK die beslissingsreg gehad (Jacobs 1951:66). Art 7 van die *Grondwet van die NGSK* (1950) bepaal dat die Binnelandse Sending-subkommissie op elke vergadering ingeslote die van die Sinodale Kommissie sittingsreg en stemreg sou hê (Kriel 1963:11).

#### **4.3.6. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering by wanbestuur**

Die NGK het deur middel van beide die *Konstitusie* en die *Grondwet* die bevoegdheid tot ingrepe op die plaaslike vlak van die NGSK beskik. Art 5 (c) het bepaal dat in die geval van verskil, geskil of verdeeldheid ingeval van leer, regering en tug binne die NGSK was die Kerkraad, Ring, Sinode wat na oordeel van die NGK die aangenome leer, regering en tug handhaaf, beskou as die ware gemeente, Kerkraad, Ring of Sinode en as sodanig geregtig wees op alle eiendom en besittings (*Bepalinge en Reglemente van die NGK*

1957:art 5(c)). Die NGSK was in die geval van onmag, versuim of wanbestuur van die sendeling prinsipieel nie bevoegd om uitspraak te lewer nie en die Kerkraad kon ook nie die uitspraak voltrek nie. Die Sinode van die NGK kon dus die uitspraak gelewer en die uitspraak in die plaaslike gemeentes van die NGSK voltrek. Volgens Doleansiekerkreg kon meerdere vergaderinge egter alleen sake behandel wat nie in die mindere vergadering afgehandel kon word nie en was ingrype van die meerdere vergadering op plaaslike vlak tot advies beperk. In hiërargiese en kollegiale kerkverbande kan die vonnis van 'n laer bestuur deur 'n hoër bestuur nietig verklaar word. Die meerdere vergaderings van die NGSK het egter beperkte mag gehad, terwyl in 'n kommissie van die NGK meerdere gesag gesetel was.

#### **4.4. Die weg na kerkregtelike selfverwesenliking ( 1956 -1982)**

Die tydperk 1956 tot 1982 is tekenend van die kerkregtelike selfverwesenliking in die NGSK. Die Sinode van die NGSK (1954) het besluit dat die *Grondwet* drasties hersien moes word. In 1957 het die trusteeskap oor kerklike eiendomme van die Binnelandse Sending-subkommissie na die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NGSK oorgegaan (Botha 1981:162). Die Sinode van die NGSK het 'n saakgelastigde aangestel en reglemente vir die beheer van kerklike goedere en fondse is op die Sinode van die NGSK (1958) aanvaar. In 1962 het die Sinode van die NGSK kennis geneem dat die sittingsreg van die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie op meerdere vergaderings van die NGSK op die Sinode van die NGK (1961) beëindig was. 'n Skakelkommissie, bestaande uit die moderatuur van die NGSK en die Binnelandse Sending-subkommissie, was in die plek van die Binnelandse Sending-subkommissie in die lewe geroep (Kriel 1981:161). Die taak van die Skakelkommissie het onder andere ingesluit voordurende oorlegpleging en voorbereiding van voorstelle aan beide Sinodes:

“Met die oog op “onderlinge voorligting sowel as die bevordering en tot standkoming van ’n voortdurende goeie gesindheid tussen die Moeder- en die Sendingkerk” het die subkommissie vir Binnelandse Sending van die NGK in Suid-Afrika en die moderatuur van die NGSK ’n Skakelkommissie gevorm” (*Acta NGSK* 1962:151). Volgens art 14 van die Grondwet het die uitsluitlike reg om die Grondwet te verander, uit te brei of te herroep by die NGK in Suid-Afrika berus. Alle voorstelle wat veranderings, verbeterings of herroeping beoog moes voor die Sinode waar dit sou dien, aan die Skakelkommissie vir oorweging voorgelê word. Die Skakelkommissie moes eers sy bevindinge aan die Algemene Sendingkommissie van die NGK voorlê, wat dit op sy beurt in die oorspronklike of gewysigde vorm aan die Sinodale vergadering van die NGK voorgelê het (*Acta NGSK* 1962:151). Die Skakelkommissie het ’n konsep-kerkwet voorberei wat deur die Sinode van die NGK (1961) goedgekeur is (*Acta NGSK* 1962:149-51). Die woord sendeling word in art 6(b) van die *Grondwet* vervang met “blanke leraar” (*Acta NGSK* 1962:150). Beroepe sou voortaan slegs deur die gekombineerde Kerkrade van die NGSK volgens die tersaaklike bepalinge van die NGSK uitgebring word. Kerkrade het groter bevoegdheid oor die oordrag en beheer van kerklike goedere ontvang:

Art 12 (b) in die geval waar ’n afsonderlike gemeente van die Sendingkerk die hele koopskat van onroerende eiendom byeengebring en afbetaal het word sodanige eiendom getransporeer op die naam van die Kerkrade van sodanige gemeente van die Sendingkerk as trusteees vir en ten behoeve van sodanige gemeente

(*Acta NGSK* 1962:149-51).

Op die Sinode van die NGK (1961) is volgens Botha (1981:162) volle skikkingsreg aan die NGSK gegee. Die NGSK kon hom voortaan kerklik en ekumenies verbind met wie sy wou (Botha 1981:162). Die NGSK kon tot 1961 nie buite die grense van die NGK uitbrei sonder die goedkeuring van die NGK nie (*NGK Kerkwet* 1953: Art.328-329 p91-92). Indien die NGSK selfs ’n nuwe gemeente wou stig buite die bestaande grense, moes die vasstelling van grensskeidings in oorleg met die Algemene Sendingkommissie van die

NGK geskied (Kriel 1963: 68).

Die Sinode van die NGK (1965) het opdrag gegee dat die Skakelkommissie ondersoek moet instel na die graad van selfstandigheid van die NGSK en of die tyd nie aangebreek het om die *Grondwet* op te hef nie:

Verder moet die ASK 'n duidelike verslag van sy bevindinge aan die eersvolgende Sinode voorlê, met alle aanbevelinge vir die kragtige bevordering van die ideaal van selfstandigwording. Besondere aandag moet aan die wenslikheid al dan nie van die opheffing van die grondwet en aan die toekomstige finansiële verhouding tussen die Moederkerk en Sendingkerk op gemeentelike en sinodale vlak geskenk word.

(Acta NGK 1965:118 punt 77)

Jurie Van Rooi is van mening, in sy artikel *Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk op pad na selfstandigheid* wat in *Koinonia* verskyn het, dat om as selfstandige kerk erken te word behoort die NGSK haar self te onderhou, self te regeer, self uit te brei teen 1965 was 70 persent van die 168 gemeentes van die NGSK selfonderhoudend (Van Rooi 1965:33). Van Rooi is van mening dat van 'n selfstandige kerk verwag word om volle verantwoordelikheid te aanvaar ten opsigte van die oprigting van kerklike gebou, die besoldiging van sy leraars, die bestuur van die kerke en die opleiding van sy eie leraars (Van Rooi 1965:53).

Die Algemene Sinodale kommissie van die NGK het die versoek van die NGSK goedgekeur dat die *Grondwet* herroep word en 'n *Akte van Ooreenkoms* opgestel kan word: "Die Sinode keur die beginsel goed dat die *Grondwet* vir die Ned. Geref. Sendingkerk in SA herroep word en dat 'n *Akte van Ooreenkoms* tussen die Ned. Geref. Sendingkerk en die NG Kerk in SA opgestel word" (*Skema NGSK* 1970:105). Die ASK het verder opdrag aan die Skakelkommissie gegee om 'n konsep akte van ooreenkoms op te stel en aan die Sinode van die NGSK en aan die Sinodale Kommissie van die NGK in SA voor te lê vir goedkeuring. Die kommissie het volmag verkry om die aangeleentheid af te handel (*Skema NGSK* 1970:105-106).

Die Sinode van die NGSK (1970) het besluit om die opstel van 'n kerkorde en 'n konsep akte van ooreenkoms na die Tydelike Regskommissie te verwys vir voorlegging van 'n konsep tydens dieselfde Sinode. Hierdie konsep akte van ooreenkoms het onder andere bepaal dat wit leraars voortaan lidmate van die NGSK moes wees en was in stryd met die Algemene Sendingreglement van die NGK, wat bepaal het dat 'n wit leraar van die NGSK steeds lidmaat van die NGK bly (Kriel 1981:163). Die Skakelkommissie het voorstelle met betrekking tot wysiging van die *Algemene Sendingreglement* deur middel van die Algemene Sendingkommissie aan die Algemene Sinode van die NGK (1974) voor gelê. Op genoemde Sinode was die wysigings en/of aanbevelings van die Algemene Sendingkommissie aanvaar. 27 November 1975 is die *Akte van Ooreenkoms* deur die moderature van die NGSK (di D P Botha, moderator, I J Mentor, actuaire, P W L Sinclair, scriba sinodi, en dr H M Beets, assessor) en die NGK in S A ( Dr J D Voster, moderator, di A J van Wyk, assessor, T N Hanekom, actuaire, G S J Möller, scriba sinodi) geteken (*Acta NGSK* 1978:16). Daarmee het die *Grondwet* verval en is 'n nuwe era in die NGSK betree. 'n Kerkregtelike stryd van 94 jaar, wat met Teske se kerkregtelike beswaar begin is, is daarmee afgesluit. Die opheffing van die *Grondwet* lei volgens prof C J Kriel in sy *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap* 'n tydvak in waarin die patroon van die verhouding tussen die NGK en die NGSK op Gereformeerde grondslag gebaseer sou wees (*Skema NGSK* 1978:71). In die lig van die herroeping van die *Grondwet* het die NGSK die NGK versoek om art 282 punt 4 in sy geheel te laat verval en Sendingwerkkringe te versoek om by bestaande NGSK-gemeentes in te skakel. Die Skakelkommissie het 'n beskrywingspunt in die verband aan die Sinode van die NGK voorgelê (*Acta NGSK* 1978:16).

Die Sinode van die NGSK (1974) het besluit dat die Sinode die *Voorgestelde Akte van Ooreenkoms tussen die NG kerk in SA en die NG Sendingkerk in SA* aanvaar, met uitsondering van art 3.1 en dat die Woord “ Kleurlingleraars” in Art 3.2.1 vervang word

deur : “lidmate van die Sendingkerk tot leraars” (*Acta NGSK* 1974:446). Op dié Sinode is ’n amendement verwerp wat betrekking het dat die beginsel aanvaar word dat die NGSK volledig kerk is, met ’n eie kerkorde en onafhanklike besluitnemingsbevoegdheid en dat ’n kerkorde die *Grondwet* en beoogde *Akte van Ooreenkoms* moes vervang. Die Sinode van die NGSK (1974) het die NGSK “nie as ’n afsonderlike kerkstruktuur beskou nie, maar as ’n integrale deel van die NGK (*Acta NGSK* 1974:446). In 1975 het ’n *Akte van Ooreenkoms tussen die Streeksinode Wes-Suid-Kaap van die NGKSA en die NGSK* tot stand gekom om die verhouding tussen die twee kerke kontraktueel te reël (*Skema NGSK* 1986:587). Die *Akte van Ooreenkoms* is ter tafel gelê en deur die Sinode van die NGSK (1978) goedgekeur. Hierdie *Akte van Ooreenkoms* het die volgende riglyne neergelê:

1. Belydenis en kerkorde (art 2),
2. Lidmaatskap en tug van Sendelinge (art 3.1),
3. Teologiese opleiding en die sogenaamde Kleurlingleraars (art 3.2),
4. Finansiële verhoudinge (art 4),
5. Gesamentlike aksies (art 5),
6. Skakelkommissie (art 6).

Die *Akte van Ooreenkoms* met die Kaapse Sinode van die NGK was nie vir die ander Streeksinodes van die NGK bindend nie en moes gevolglik vervang word deur ’n ooreenkoms met die Algemene Sinode van die NGK. Die Permanente Regskommissie van die NGSK het voortgegaan met die opstel van die konsep kerkorde wat uiteindelik deur die Sinode van die NGSK (1978) aanvaar was. Die konsep kerkorde het die beginsel van dubbele lidmaatskap prysgegee (Kriel 1981:163).

#### 4.4.1. Christus as hoof van die kerk

In beide die *Konstitusie* en die *Grondwet* het die ekklesiologiese onderbou jammerlik ontbreek. In die *Kerkorde van 1978* word die ekklesiologiese onderbou van die kerkreg en kerkregering onomwonde gestel. Die kerk word onder andere in die *Kerkorde van 1978* beskryf as die Liggaam van Christus. In die Nuwe Testament word verskeie beelde gebruik om na die kerk te verwys byvoorbeeld die kerk as volk van God (1 Petr 2.9) as bruid van Christus (Ef 5.23). As hoof van Sy Liggaam bind Christus die liggaam saam (Kol 2.19) en in hom groei die liggaam (Ef 4.15). Daar kan nie meer as een liggaam van Christus is nie, aangesien die liggaam van Christus nie verdeel is nie: “Hierdie liggaam met sy lede word genoem die gemeenskap of die heilige vergadering van ware Christus-gelowiges, die volk van God van die “laaste dae.” Van hierdie liggaam is Christus die Hoof wat Sy kerk regeer deur Sy Woord en gees” (*Skema NGSK 1982:297*). Christus is self Koning en daarom Hoof van sy kerk en gevolglik die hoogste Gesagdraer in sy kerk (*Skema NGSK 1982:297*). Lidmaatskap van die kerk is in die eerste instansie lidmaatskap van die een, algemene kerk (*Skema NGSK 1978:75-76*). Die lede is onderling verbonde tot dienslewering en opbou van die liggaam van Christus (*Skema NGSK 1982:297*). Die NGSK het in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde ’n artikel in die konsep kerkorde ingesluit wat betrekking het op die belydenisgrondslag van die NGSK. Die NGSK sou gegrond wees op die Heilige Skrif, die Woord van God. As belydenisskrifte word op die Sinode aanvaar die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

#### 4.4.2. Die selfstandigheid van die kerk

Kriel is in sy *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap* van mening dat die aanvaarding van die *Akte van Ooreenkoms* die selfstandige ontwikkeling van die NGSK impliseer (*Skema NGSK 1978:72*). Met betrekking tot die Gereformeerde standpunt insake die selfstandige karakter van die plaaslike gemeente verwys Kriel (*Skema NGSK 1978:72*) na die standpunte van H Bouwman in sy *Gereformeerde Kerkrecht Deel 11* asook na Rutgers se *Kerkelijke Adviesen Deel 11*: “Naar Gereformeerde beschouwing is elke plaatselijke kerk selfstandig, zoodat een dienaar uitsluitend aan haar verbonden is.” Art 22 stel dit onomwonde dat die besluite van asook de regel in de Gereformeerde Kerken is, dat een dienaar des Woord aan een bepaalde Kerk verbonden is” (Bouwman 1928:430-431). Selfs al sou ’n predikant buite die grense van ’n gemeente bly, verklaar H Bouwman volgens Kriel (*Skema NGSK 1978:72*) dat mens nie tegelykertyd aan twee kerke kan behoort nie:

Het ligt voor de hand dat een predikant aan zijne eigene Kerk verbonden is ... ook staat onder het toezicht van zijn eigene Kerkeraad en daarom behoren ook daar de attestasies te worden ingeleverd. Men kan niet aan twee kerken tergelyk behooren, en daarom behooren ook zulk een abnormaal geval de attestasies thuis in de Kerk waar de predikant dienaar des Woord is.

(Bouwman 1928:464)

Kriel wys op voetspoor van H Bouwman daarop dat volgens die Gereformeerde kerkreg is elke plaaslike kerk ’n selfstandige liggaam wat geestelik wel een is met die totale kerk, maar wat institutêr nie ’n afdeling van die landelike kerk is nie (*Skema NGSK 1978:74*).

Met die aanvaarding van die kerkorde van 1978 het die NGSK die eerste tree na selfstandigwording gegee. Die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* (1978) gaan dan ook van die primordiale reg van die plaaslike gemeente uit. In aansluiting met die Doleansiekerkreg aksentueer die NGSK in die *Kerkorde van 1978*



die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Hiermee is 'n hiërargiese kerkregering in die NGSK afgewys. Die meerdere vergadering en/of kommissies van meerdere vergaderinge sou voortaan geen selfstandige bevoegdheid het om in die sake van 'n plaaslike gemeente in te gryp nie. In 'n kommissie verslag, *Die vereniging van die kerk*, word daarop gewys dat die drievoudige gesag, naamlik leergesag, regeermag en die bevoegdheid tot diens-of hulpbetoon aan die kerk verleen is (*Skema NGSK 1982:299*).

#### **4.4.3. Die karakter van die kerkverband**

Die NGSK beklemtoon op voetspoor van die Doleansiekerkreg die vrywillige karakter van die kerkverband, dat die meerdere vergadering primêr 'n vergadering van gemeentes is en nie soseer van ampsdraers is nie en die afgeleide en beperkte mag van die meerdere vergadering (*Skema NGSK 1978:421-461*). Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n prinsipiële verskil is tussen die mag van die Kerkraad en die Sinode en dat teenoor die dwingende mag van die Kerkraad die meerdere vergadering geen dwingende mag beskik nie. Die plaaslike gemeente het die reg om in kerkverband te tree of uit te tree. Die kerkverband berus op vrywillige toestemming. Die algemene kerk bestaan nie uit die optelsom van die afsonderlike kerke nie, maar dit is die algemene kerk wat in die plaaslike kerk tot openbaring kom (*Skema NGSK 1978:76*). Die kerkverband is daar om juis die bo-lokale verbondenheid van die plaaslik kerke as openbaring van die een algemene kerk tot uitdrukking te bring. Die taak van die kerkverband is toesighoudend en ook hulpverlenend en koördinerend van aard (*Skema NGSK 1982:300*).

#### **4.4.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering**

Op die Sinode van die NGSK ( 1978) was 'n hele reeks besluite met betrekking tot die karakter van die meerdere vergadering geneem. Die Sinode het onder andere in art 18 bepaal dat die regering van die kerk en die opsig en tug van 'n die kerk aan die tersaaklike kerkvergaderings toevertrou word. Drie vergaderinge word in art 19 onderskei te wete die Kerkraad, Ring en die Sinode. Laasgenoemde word van die Kerkraad onderskei as meerdere vergaderinge. Hierdie vergaderinge het volgens art 19 van die *Kerkorde van 1978* 'n eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen. Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is volgens art 19.2 dieselfde as die van die Sinode oor die Ring. Die vergaderinge behandel alleen kerklike sake en wel op 'n wyse wat altyd ooreenstemming is met die kerklike karakter van hierdie vergaderinge (art 20) (*Acta NGSK 1978:424-425*). Elke meerdere vergadering bestaan uit ampsdraers wat afgevaardig word deur Kerkrade en in besit van geldige geloofsbriewe is op grond waarvan hulle sittingsreg en stemreg verkry (art 30 en art ). Art 31.3 het bepaal dat geen stukke van lede van die vergadering op die agenda geplaas word as hierdie stukke nie vooraf aan die oordeel van die mindere vergadering onderwerp is nie (*Acta NGSK 1978:425*). Die *Kerkorde van 1978* bepaal dat die mag van die meerdere vergadering tydelik, beperk, dienend, en gedelegeerd is (artikel 1-21). Daar is in die *Kerkorde van 1978* geen sprake daarvan dat die meerdere vergadering geheel selfstandig kan fungeer nie. Die *Kerkorde van 1978* maak geen voorsiening vir kassasiereg nie. Die reg van die plaaslike gemeente word in die *Kerkorde van 1978* eerbiedig. Die meerdere vergadering het wel die bevoegdheid tot die verlening van advies, maar besit geen mag met betrekking tot die implementering van Sinodale besluite op plaaslike vlak nie.

#### 4.4.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Op die Sinode van die NGSK (1966) is die kerkregtelike posisie van die sendelinge in die lig van die Gereformeerde kerkreg en die Sendingwetenskap beoordeel (*Skema NGSK* 1966:354-362 asook Botha 1981:162). Die kommissie wat hieroor verslag gedoen het, het geoordeel dat kerkregtelik gesien daar geen rede hoegenaamd bestaan waarom die NGSK in enige opsig grondwetlik aan die NGK ondergeskik gestel moes wees nie (*Skema NGSK* 1966:355). Die kommissie het geoordeel dat die enigste moontlike verklaring vir die ondergeskiktheid in die sosio-ekonomiese posisie van die “Kleurlingbevolking ten opsigte van die Blankes” gesoek behoort te word. Die amp word volgens die Kommissie beoefen in die boesem van die plaaslike gemeente wat volledig en volkome kerk is en dus oor al die ampte beskik kragtens sy eie outonomie (*Skema NGSK* 1966:355). Met wysiging na onder meer die kerklike adviese van Rutgers stel die kommissie dit dat daar geen status verskil tussen ’n predikant van ’n tuisgemeente en ’n *missionaire* predikant is nie en dat geen predikant aan meer as een kerk verbonde kan wees nie. Die kommissie het geoordeel dat die sendeling behoort lidmaat van die gemeente wat hy bedien te wees (*Skema NGSK* 1966:358). Die Sinode het besluit om die kwessie van lidmaatskap van sendelinge by die Federale Raad aanhangig te maak. Die Skakelkommissie het ’n groot deel van die verslag van dié kommissie van die Sinode van die NGSK (1966) in sy eie verslag aan die Sinode van die NGK in SA (1969) opgeneem en dieselfde verslag het weer as ’n bylaag tot die verslag van die Skakelkommissie aan die Sinode van die NGSK (1970) verskyn (Botha 1981:162)

Op die Sinode van die NGSK (1970) is die memorandum oor die beoordeling van die posisie van die sendelinge in die NGSK behandel (*Acta NGSK* 1978:115-122). In art 34

van die NGSK se Kerkwet (1970:12) is bepaal dat 'n wit leraar wat 'n beroep na 'n ander werkkring aanneem van sy betrekking tot die gemeente deur die betrokke NGSK Kerkraad op 'n wettig gekonstitueerde vergadering ontslaan behoort te word. 'n Akte van demissie, onderteken deur die Kerkraad van die plaaslike NGSK-gemeente moet aan sodanige leraar oorhandig word.

Sedert die sewentiger jare beweeg die NGSK van veronderstelling uit dat die NGSK as outonome kerk self moes oordeel oor die afsetting, skorsing, tug van die sendelinge. Volgens Gereformeerde kerkreg beskik die plaaslike kerk immers oor die tugreg. Die uitvoering ten opsigte van die uitsprake met betrekking tot die tug van ampsdraers kom volgens die Doleansiekerkreg die plaaslike kerk toe. Die instansie wat die kerklike mag aan ampsdraers toevertrou het, is immers ook die instansie wat bevoegd is om die mag weer te ontnem. Op die Sinode van die NGSK (1974) is dubbele lidmaatskap vir wit leraars afgewys. Met betrekking tot die kerkregtelike posisie van sendelinge in die NGSK is drie beskrywingspunte ingedien:

1. "Blanke leraars ook voorwerp van tug: stappe te doen om blanke leraars in die NG Sendingkerk in Suid-Afrika onderhewig aan die kerklike opsig en tug van die NG Sendingkerk te maak terwyl en solank hulle leraars in hierdie kerk is" (*Acta NGSK* 1974:262).
2. Volledige lidmaatskapwording van blanke leraars in die NG sendingkerk: Die Hoogerwaarde Sinode aanvaar die beginsel dat alle diensdoenende leraars in die NG Sendingkerk lidmaat word van die NG Sendingkerk met inbegrip van volledige kerklike opsig en tug, insluitende die reg tot ontneming van status. Ter implementering van hierdie beginsel versoek die Hoogerwaarde Sinode die NG Kerk om die volgende wysigings in die grondwet van die Sendingkerk aan te bring: (i) Dat in Art 6(b) die sinsnede " behoudens wat bepaal is ivm die tug oor blanke leraar deur die verskillende sinodes van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke (*Bepalings en Reglemente van die NGSK* 1970:2). (ii) Art 9: Onderafdelings (c) Alle lidmate van die Sendingkerk wat nie onder sensuur staan nie, het die reg om besware klagtes teen 'n blanke leraar van die genoemde kerk by die bevoegde kerkvergadering van die Sendingkerk in te dien en ... Art 9 d) geskrap behoort te word: Die Sendingkerk stel die Actuaris van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in kennis as 'n blanke leraar sy bediening neerlê met of sonder opgaaf van redes (*Bepalings en Reglemente van*

*die NGSK 1970:3). (iii) Art 11: Onderafdeling (a) val weg. Voorts word die NG Kerk versoek om alle ander kerkwetlike struikelblokke wat hiertoe mag staan, te verwyder. Volle lidmaatskapwording van blanke leraars in die Sendingkerk: Die HE Sinode aanvaar die beginsel dat alle diensdoenende blanke leraar in die NG Sendingkerk lidmaat word van die NG Sendingkerk met inbegrip van volledige kerklike opsig en tug, insluitende die ontneming van status. Ter implementering van hierdie beginsel versoek die HE Sinode die NG Kerk om die grondwet te vervang met 'n akte van ooreenkoms waarin die beginsel duidelik beliggaam is.*  
*(Skema NGSK 1974:268-269).*

Met betrekking tot die kerklidmaatskap van die sendelinge besluit die NGSK-Sinode (1974) onder andere dat “ 'n Leraar se ampsbediening vloei voort uit sy lidmaatskap en nie omgekeerd nie. Deur die bevestiging as leraar word sy lidmaatskap oorgedra na die gemeente wat hy bedien” (*Acta NGSK 1974:451*). Die Sinode van die NGSK (1974) wys dubbele lidmaatskap en die beskerming van die ampsbediening van die sendeling deur die NGK af (*Acta NGSK 1974:452*). Die Sinode besluit om art 26 van die Algemene Sendingreglement te handhaaf met betrekking tot die tugtoepassing en uiteindelijke afsetting van die sendelinge (*Acta NGSK 1974:452*). Die *Konsep Akte van Ooreenkoms* was op die Sinode goedgekeur (*Acta NGSK 1974:452*). Die opdrag aan die PRK tot die opstel van 'n kerkorde was op die Sinode gekontinueer: “Die HE Sinode lê daar klem op dat, by die uitwerk en opstel van 'n kerkorde, die Permanente Regskommissie hom alleenlik sal laat lei deur suiwer Bybelse en kerkregtelike riglyne” (*Acta NGSK 1974:362*). Met betrekking tot dubbele lidmaatskap word die Permanente Regskommissie opdrag gegee om gedurende die reses 'n deeglike studie te maak van die beginsel van dubbele lidmaatskap in die lig van die begrippe “kerk” en “kerkverband” (*Acta NGSK 1974:363*).

Prof C J Kriel, as lid van die Permanente Regskommissie, is in sy *Stuurstuk oor dubbele lidmaatskap* van mening dat dit regstegnies nie moontlik is om 'n lid van 'n Kerkraad,

Ring, Sinode wees met volle regte, voorregte en stemreg sonder om 'n lidmaat van genoemde kerk te wees nie (*Skema NGSK 1978:77*). Hy stel dit duidelik dat 'n vorm van dubbele lidmaatskap deur die *Grondwet* geïmpliseer word, aangesien volgens die Gereformeerde kerkreg tugreg alleenlik uitgeoefen kan word op belydende lidmate. Die feit dat die NGK tugreg op die sendelinge in diens van die NGSK uitgeoefen het, is dus vir hom tekenende van dubbele lidmaatskap (*Skema NGSK 1978:70*).

In art 3.1 tot 3.3.7.4 van die *Akte van Ooreenkoms* word die kerkregtelike posisie van wit leraars in diens van die NGSK gereguleer (*Skema NGSK 1978:72*). Die *Akte van Ooreenkoms* het bepaal dat die beroeping, bevestiging en legitimering van 'n gelegitimeerde uit die NGK volgens die bepalinge en reglemente van die NGSK moes geskied. Die NGSK het onder andere die opleiding en legitimasie van bedienaars van die Woord deur die NGK vir die doel van diens in die NGSK erken; diensdoenende leraars en proponente in die NGK is beroepbaar in die NGSK; gelegitimeerdes uit die NGK wat diens in die NGSK aanvaar het, bly beroepbaar in die NGK; die beroeping, bevestiging en demittering van 'n gelegitimeerde uit die NGK geskied volgens die bepalinge en reglemente van die NGSK; die bediening word uitgeoefen ooreenkomstig die bepalinge en reglemente van die NGSK; deur sy bevestiging; deur sy bevestiging in 'n gemeente van die NGSK word hy ook lidmaat van die NGSK; nadat sy dienste in die NGSK beëindig is, is hy slegs lidmaat van die NGK waar hy hom vestig; hy staan ten opsigte van die opsig en tug onder sowel die NGK en die NGSK; in die tugtoepassing word gehandel ooreenkomstig die bepalinge en reglemente van die NGSK; wanneer die bestraffing te neerkom op losmaking van die band tussen hom en die gemeente, word sy lidmaatskap in die NGSK beëindig word alle stukke wat betrekking het op die saak na vir behandeling aan die NGK deurgestuur en val hy onder die jurisdiksie van die betrokke Ring waar sy arbeidsveld was; wanneer die bestraffing te neerkom op 'n beslissing dat sy *Akte van*

*Toelating* ingetrek behoort te word, gee die Ring wat dit opgelê het en in die geval van hoër beroep die Sinode van die NGSK daarvan kennis aan die NGK met voorlegging van alle stukke wat op sy saak betrekking het; sy *Akte van Toelating* kan slegs deur die NGK ingetrek word (*Skema NGSK 1978:33-34*). Tot en met die opheffing van die *Grondwet* in 1975 het wit leraars dus 'n vorm van dubbele lidmaatskap geniet en het die NGK tugreg oor sodanige leraars uitgeoefen. Die *Grondwet 1975* het in art 9.3 bepaal dat alle ongesensureerde lidmate van die NGSK die reg het om besware of klagtes teen 'n wit leraar by die bevoegde kerkvergadering van die NGSK in te dien. Die kerkvergadering ondersoek die klagtes of beswaar en as dit gegrond blyk word die klagte tesame aan die voorlopige kerkvergadering van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke voorgelê. Art 9.4 het verder bepaal dat die NGSK die actuaarius van die NGK in kennis stel as 'n wit leraar sy bediening sonder opgaaf van redes neerlê (*Skema NGSK 1978:70-71*).

Uit bovermelde is dit duidelik dat die beginsel van dubbele lidmaatskap deur die *Akte van Ooreenkoms* onderskryf word. 'n Tweeslagtigheid met betrekking van die tug van wit leraars word in die *Akte van Ooreenkoms* onderskei. Alhoewel hul onder die opsig en tug van die NGSK val, het die NGK die reg tot die eksekutering van die tug gehad. Kriel dui aan dat beide dubbele lidmaatskap tuguitoefening van die NGK oor wit leraars van die NGSK geen Gereformeerde kerkregtelike gronde het nie:

Hierdie laaste twee punte sowel as die dubbele lidmaatskap het geen Gereformeerde kerkregtelike gronde nie – dit is 'n ooreenkoms deur twee kontrakterende liggame aangegaan wat 'n praktiese orde-reëling is waarvoor beide verantwoordelikheid aanvaar, maar in wese word daar weg beweeg van ons gereformeerde beginsels .

(*Skema NGSK 1978:73*).

Die NGK se tugreg ten opsigte van die sendelinge, naamlik dat 'n kommissie van 'n ander kerk oor volle leer-, regeer- en tugmag beskik was op die NGSK-Sinode 1978 as onhoudbaar afgewys word. Die toekenning van die volledige leer-, regeer- en tugmag

aan die NGK is in stryd met die Doleansiekerkreg self. Die NGK en haar Binnelandse Sending-subkommissie het tot 1978 gedoen, wat uiteraard tot die taak van die Kerkraad van die NGSK behoort. Die *Kerkorde van die NGSK 1978* gaan van die veronderstelling uit dat die uitvoering van die besluite van die Sinode in die hande van die Ring en Kerkraad gestel behoort te word en dat die Sinode nie die aangewese liggaam is om 'n uitspraak met betrekking tot die skorsing en afsetting op plaaslike vlak te implementeer nie. In artikel 84.2 van die *Kerkorde van die NGSK 1978* word dit duidelik gestel dat NGSK tugreg het oor alle ampsdraers, sendelinge ingeslote, wat in diens van die NGSK staan. Hiervolgens is die Kerkraad bevoegd om die bestuursmag te ontnem van die bedienaars van die Woord en die ouderlinge met die steun van die kerkverband. Die NGSK beklemtoon hiermee op voetspoor van Doleansiekerkreg dat 'n meerdere vergadering of 'n ander kerk nie die reg om self het om tugtoepassing in 'n plaaslike gemeente te voltrek nie. Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat geen ampsdraers afgesit mag word, buite die deur die *kerkorde* daartoe bevoegd verklaarde strukture om nie.

#### **4.4.6. Die appèlreg ten opsigte van die besluite van die meerdere vergaderinge**

Daar word in die *Kerkorde van die NGSK 1978* art 23 voorsiening gemaak dat besluite van meerdere vergaderings vatbaar vir hoër beroep is:

Elke besluit, uitspraak of handeling van 'n vergadering is vatbaar vir hoër beroep by die volgende Meerdere Vergadering. Vergaderinge, lede van 'n vergadering en beswaardes (klaer en beklagde) het *die reg tot* hoër beroep. Diegene wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die *Kerkorde*, Bepalinge en Reglemente, of meen dat die welsyn van die Kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle daardeur verontreg is, *kan* in hoër beroep gaan na die naasvolgende



vergadering. Indien hulle so 'n uitspraak of handeling in stryd ag met die duidelike uitsprake van die Woord van God, is hulle *verplig* om in hoër beroep te gaan.

(*Kerkorde van die NGSK 1978 art 23*)

Art 22 stel dit onomwonde dat die besluite van 'n kerklike vergadering met die voorbehoud, soos gestel in art 23, bindend is en dat mindere vergaderinge hul gevolglik moet onderwerp behoudens genoemde artikel aan die besluite van die meerdere vergadering.

#### **4.4.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering by wanbestuur**

Voorsiening word in art 90 van die *Kerkorde van die NGSK 1978* gemaak dat die meerdere vergadering in die geval van wanbestuur in die mindere vergaderings kon ingryp:

Ingeval van wanbestuur by die Kerkraad sal dit die Ring vrystaan om by die skuldigbevinding tugmaatreëls van die skorsing en afsetting te neem, wanneer 'n deel van die kerkraad of 'n deel van die gemeente hulle na die Ring om hulp wend, met dien verstande dat die Kerkraad vooraf in die saak geken is om hom te verantwoord.

(*Acta NGSK 1978:435*)

#### **4.5. Kerkregtelike selfverwesening 1982-1994**

Die tydperk 1982 tot 1994 was volle kerkregtelike outonomie in die NGSK bereik. Die Sinode van die NGSK (1982) het 'n *status confessionis* afgekondig waardeur die teologiese regverdiging van apartheid tot kettery verklaar is (*Skema NGSK 1986:89*). 'n Konsep belydenis is op dié Sinode aanvaar en hiermee het die NGSK die eerste tree gegee om die belydenisgrondslag van die kerk te wysig.<sup>15</sup> In 1986 is die *Belydenis van Belhar* as

---

<sup>15</sup> Op 23 Maart 1984 het die breë moderatuur van die NGK antwoord aan die NGSK insake die *status confessionis* en konsep belydenis gegee. Die NGK het die standpunt van die moderatuur van die NGSK dat die sekulêre evangelie van Apartheid die kerk wees en kerkverband van die NGK struktureer, verwerp (*Skema NGSK 1986: 53*). Hulle stel dit dat die tot standkoming van die onderskeie kerke het geskied uit sendingkundige oorwegings lank voor die beleid van eiesoortige ontwikkeling gestalte gekry het "ons glo dat dit onder die leiding van die Here geskied het" (*Skema NGSK 1986: 53*). Die NGK was van mening dat "afsonderlike ontwikkeling,



vierde belydenisskrif aanvaar. Met die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* was die belydenisgrondslag van die NGSK gewysig. Die NGSK aanvaar die ekumeniese belydenisse, te wete die Apostoliese Geloofsbellydenis en die Belydenisse van Nicea en Athanasius, die Nederlandse Geloofsbellydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls asook die *Belydenis van Belhar* as belydenisgrondslag van die NGSK. Voortaan sou verwag word van elke proponent om die *Belydenis van Belhar* saam met die drie Formuliere van Enigheid te onderteken.

Die kerkorde wat op die Sinode van die NGSK (1982) aanvaar is, bevat tagtig bepalinge wat onderverdeel word in vier hoofstukke. Alhoewel die indeling van die *Kerkorde van die NGSK 1982* nie identies is met die DKO nie, kom dit tog in prinsipe ooreen. Die volgende indelings word sedert 1982 in die kerkordes van die NGSK gebruik:

- i. die dienste (art. 1 tot 20). Onder die dienste word verstaan die ampte sowel die bedieninge en pligte (vergeyk *Van de Diensten* DKO 1 tot 28).
- ii. die samekomste byvoorbeeld Kerkraad, Ring, Streeksinode, Algemene Sinode (bep 31-52) verwys na die mindere vergaderinge en die meerdere vergadering (vergeyk *Van de kerkelijke samenkomsten* DKO 29-52).
- iii. die leer, sakramente en andere seremonies (bep 53-85) verwys na die belydenisgrondslag, die sakramente, begrafnisse en huwelike (vergeyk *Van de Leer, Sacramenten en andere Ceremoniën* DKO 53-70).

---

toegepas volgens bogenoemde beginsels, is volgens ons, nie in botsing met die eise van die Skrif nie" (*Skema NGSK* 1986:51). Die NGSK was van mening dat die NGK hiermee die tot standkoming van aparte kerkverbande kritiekloos sanksioneer. Die totstandkoming van die afsonderlike kerke was volgens die moderatuur van die NGSK nie 'n uitvloeiing van die Gereformeerde sendingbenadering nie, maar was geïnisieer deur rassevooroordeel en maatskaplike ongelykheid (*Skema NGSK* 1986:59). Die NGSK stel dit in hul skrywe gedateer 22 Junie 1984 dat die NGK 'n gebrek toon vir die leed wat die NGSK ervaar as gevolg van die Apartheidsbeleid met al sy konsekwensies vir die mense wat daardeur nadelig geraak was (*Skema NGSK* 1986:58). Die NGK het volgens die NGSK die gedwonge skeiding van mense Skriftuurlik probeer regverdig. Die NGSK het die standpunt in stryd met die versoeningsmoontlikheid van die evangelie die rol van die NGK in die tot standkoming van die beleid en die uitwerking van die besonderhede van die beleid kan volgens die NGSK nie ontken word nie (*Skema NGSK* 1986:59).

- iv. die sensuur en die kerklike vermaning (86-135) (vergelyk *Van de Censuur en Kerkelike Vermaning* DKO 71-86).

#### 4.5.1. Christus as die Hoof van die kerk

Op die Sinode van die NGSK (1986) het die Sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake (=SKLAS)<sup>16</sup> hul studiestuk *Die plaaslike gemeente en die kerkverband* (1986) die ekklesiologiese onderbou van die kerkregering soos volg omskryf: “Dat Christus die Hoof en Here van sy kerk is en as Koning direk en persoonlik oor Sy Kerk regeer, is die grondwaarheid van alle kerkregering” (*Skema NGSK* 1986: 149). Christus is die hoogste en enigste gesagshoof van die kerk (Ef 5:23, Kol 2:19) (*Skema NGSK* 1986:151). In die sin is die kerk die instrument of die uitdrukking van Sy koninkryk. Die instrumente wat Hy gebruik is die ampte wat Hy met gesag beklee (*Skema NGSK* 1986:171). Jesus Christus vergader, beskerm en onderhou Sy gemeente. Hy is die handelende subjek in Sy gemeente (*ekklesia*) en aan Hom kom toe alle mag en seggenskap in Sy gemeente toe (*Skema NGSK* 1986:149). Kerkregtelike teorie en praktyk moet dus volgens die SKLAS ingestel wees om vir die regering van Christus deur Sy Woord en Gees ruimte te maak. Kerklike praktyk moet dus voortdurend aan die Skrif getoets word. Die SKLAS dui aan dat in sy heilshistoriese betekenis word *ekklesia* vertaal met “volk” en word gewoonlik aangedui as volk van God.” Kenmerkend van die *ekklesia* is dat dit “volk van God” of van Christus is. Die *ekklesia* word ook beskryf as liggaam van Christus (Kol 1:22-23 en Kol 1:18). Die twee begrippe volk van God en liggaam van Christus is volgens die SKLAS interafhanklik (*Skema NGSK* 1986:150).

Die SKLAS dui aan dat in die Nuwe Testament op twee maniere van die *ekklesia* gepraat: as die universele kerk en as die plaaslike kerk(e) of gemeentes met die universele kerk word na die kerk in die geheel, die algemene kerk met ander oorde almal wat aan Christus behoort, ten alle tye, op alle plekke en van alle denominasies verwys die plaaslike gemeente daar teenoor is God se universele volk soos dit plaaslik tot uitdrukking kom (*Skema NGSK* 1986:151).

Die kommissie toon aan dat in die Kerk sowel as in Sy koninkryk gaan dit om die heerskappy van God in en deur Christus deur Sy Woord en Gees. Die kerk moet haar dus gehoorsaam en gewillig onderwerp aan die regering van Christus: “Daarop sal al sy orde-reëlings, die strukturering van sy werksaamhede en die inrigting van sy kerkregering afgestem wees” (*Skema NGSK* 1986:154). Ook in artikel 5 van die *Belydenis van Belhar* word dit bely dat die NGSK glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. “Jesus is die Heer. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid,” bely die NGSK in art 5 van die *Belhar Belydenis (Belydenis van Belhar (1986) ’n Eenvoudige uitleg* (1990:13).

#### **4.5.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk**

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk word in die *Kerkorde van die NGSK 1978* erken. Die *Kerkorde van die NGSK 1978* beklemtoon dat die plaaslike gemeente die

---

<sup>16</sup> Prof J C Adonis (voorsitter) di H R Botman (scriba), J C Vermeulen, J P Strauss, F W Jacobs en J S van Rooy (*Skema NGSK*)

*ecclesiae primae* met primêre mag is en dat die meerdere vergaderinge geen hoër bestuur bo die plaaslike gemeentes vorm nie. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) het op 27 tot 28 September 1983 die selfstandigheid van die mindere vergaderinge in die wysiging van die belydenis grondslag erken deur die *Konsep Belydenis* aan Kerkrade te stuur vir wysiging, amendering en/of goedkeuring. Aan die Kerkrade was riglyne verskaf in verband met die *status confessionis* (*Skema NGSK 1986:89*). Die Sinode van die NGSK (1986) bevestig hiermee dat die plaaslike gemeente die *ecclesiae primae* en primêre mag. Die ASK het geoordeel dat die afkondiging van die *status confessionis* 'n impak het op die bestaande verhouding tussen die NGSK en die NGK en erken dat dit ondenkbaar is dat die verhoudinge op plaaslike vlak ongeraak en onveranderd sou bly en dui aan dat die gesprek tussen die NGSK en die NGK op 'n nuwe basis voortaan plaas behoort te vind. Hierdie nuwe basis kom neer op 'n oproep tot bekering en berou en 'n oproep om op 'n positiewe wyse deel te neem aan die stryd teen Apartheid. Skakeling wat die nuwe gespreksbasis ignoreer kom volgens die NGSK te neer op 'n negering van die *status confessionis* deur die plaaslike Kerkraad (*Skema NGSK 1986:89*). Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) het besluit dat alle betrekking tussen die NGSK en die NGK hetsy op gemeente, ringsvlak of sinodale vlak beoordeel moet word in die lig van die afkondiging van die *status confessionis*, maar dat die bande tussen die NGSK en die NGK op daardie stadium nie verbreek sou word nie (*Skema NGSK 1986:89*).

Die Kerkrade moes hul antwoorde wysiging van die belydenisgrondslag voor 31 Oktober 1983 by die Scriba Sinodi indien (*Skema NGSK 1986:17*). Die vervaldatum vir indiening van die kommentaar was telkens verleng, aangesien die Kerkrade se reaksie op die saak

traag was. Teen 14 Januarie 1986 het slegs 39% (104) van die gemeentes kommentaar oor die *Konsep Belydenis* ingestuur of het aangedui dat hul dit aanvaar (*Skema NGSK* 1986: 43). Op die Sinode van die NGSK (1986) te Belhar is die *Konsep Belydenis* met enkele teenstemme aanvaar. Dié belydenis sou voortaan bekend staan as die *Belydenis van Belhar* en het bestaan uit 5 hoofpunte, naamlik Geloof in die Drie-enige God wat die kerk tot stand bring (art 1), Die eenheid van die kerk (art 2), Versoening in kerk en samelewing (art 3), Die stig van vrede en geregtigheid in die wêreld (art 4) en Gehoorsaamheid aan Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk (art 5) (*Belydenis van Belhar* 1986:15). Die belydenis van een God en Drie Persone word gevind in die belydenis van Nicea, Athanasius en die Twaalf Artikels asook in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 8-11, Heidelbergse Kategismus Sondag 8, en Dordt hoofstuk 1.7. Art 1 van die *Belydenis van Belhar* is 'n aanhaling van Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 54.

#### **4.5.3. Die karakter van die kerkverband**

Die NGSK vind 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg met die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike kerk, en die konfederatiewe karakter van die kerkverband. Sinodale kommissies egter besit volgens die Doleansiekerkreg geen eie oorspronklike gesag nie, maar besit beperkte en gedelegerde bevoegdhede wat hul slegs in medewerking met die kerkverband mag toepas. Aan die Moderatuur word in die NGSK se *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1982* mag toegeken om besluite tot uitvoer te bring met kennisname aan Sinode, aangesien die uitoefening van mag van sinodale kommissies nooit losgemaak mag word van die medewerking van die kerkverband nie.

Die Sinode van die NGSK (1982) het aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) onder voorsitterskap van prof JC Adonis<sup>17</sup> opdrag gegee om 'n studie te maak oor die plek en betekenis van die plaaslike gemeente in die Skrif, die rol van die kerkverband, insonderheid die Sinode in die werksaamheid van die kerk (*Acta NGSK* 1982:643). Die SKLAS dui in die studiestuk, Die plaaslike kerk en die kerkverband (1986) teenoor die kollegialistiese (die plaaslike kerk is onvolkomme kerk), hiërargiese (die plaaslike gemeente is radikaal afhanklik van die sentrale kerk) en independentistiese kerkbegrip (die plaaslike gemeente staan onafhanklik van mekaar) die noodsaaklikheid van die kerkverband aan (*Skema NGSK* 1986:155). Die kerkverband vloei volgens die SKLAS logies uit die eenheid in Christus uit. Die kerkverband is dus 'n feit en 'n opdrag. Die kerkverband is een van die belangrikste wyses waarop die wesenseienskappe van die kerk te wete eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die kerk uitdrukking gegee kan word. Die SKLAS dui aan dat die plaaslike kerk volkome en volledig kerk in Christus is (*Skema NGSK* 1986:156). Die kerklike vergaderinge, te wete Kerkraad, Ring, Sinode, het elkeen, na sy eie aard, 'n kerklike gesag wat deur Christus aan die besondere vergadering verleen word.

#### **4.5.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering**

Die Algemene Sinodale Kommissie (=ASK) het op 27 tot 28 September 1983 besluit dat geen lidmaat, ampsdraer of mindere vergadering hom deur amptelike uitspraak, besluit of handeling kon distansieer van die besluite met betrekking tot die *status confessionis* nie.

---

<sup>17</sup> Prof J C Adonis het in Nederland, Vrije Theologische Universiteit Kampen gedurende 1981 gepromoveer. Die titel van sy dissertasie is *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Hy het sedert 1982 tot 2000 aan die Universiteit van Wes-Kaapland en sedert 2000 tot 2005 aan die Universiteit van Stellenbosch Ekklesiologie en Kerkreg gedoseer.

Die ASK het egter die individue se vryheid van gewete en persoonlike mening erken, mits dit nie lei dat sy handeling die doel van die besluite in sake die *status confessionis* verydel nie (Skema NGSK 1986:89). Die ASK het erken dat die verbreking van bande met die NGK 'n moontlike konsekwensie van die *status confessionis* kan wees, maar dat dit alleen op besluit van die Sinode kon geskied en dat dit nie eensydig op plaaslike vlak op besluit van enige Kerkraad kon geskied nie (Skema NGSK 1986:89).

Op voetspoor van Doleansiekerkreg erken die NGSK dat die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as die van die Sinode oor die Ring (*Kerkorde van die NGSK* 1982: art 18 – 19]. Die toesig van die meerdere vergadering oor die mindere vergadering mag nie hiërargies wees nie sodat die selfstandigheid van 'n mindere vergadering nie aangetas word nie. Die NGSK erken dat daar sake is waarin die Algemene Sinode wel gesag het oor 'n sinode byvoorbeeld met betrekking tot beleidsake wat die hele kerk raak of die verbreking van die kerkverband (Skema NGSK 1986:126).

Die *Kerkorde van die NGSK* 1982 art 20 stel dit duidelik dat op die kerkvergaderinge alleen sake behandel kon word en wel op 'n wyse wat altyd in ooreenstemming is met die kerklike karakter van hierdie vergadering (*Kerkorde van die NGSK* 1982:18). In 'n meerdere vergadering behoort volgens art 21 (*Kerkorde van die NGSK* 1982:18), behalwe sake wat die gemeentes wat in hom verteenwoordig is gemeenskaplik aangaan, uitsluitlik sake behandel te word wat nie in die mindere vergaderinge afgehandel kan word nie. Volgens Doleansiekerkreg het meerdere vergadering en by implikasie ook deputate en/of kommissies van sodanige vergaderings immers slegs gedelegeerde mag.



In die studiestuk *Die plaaslike kerk en die kerkverband (1986)* dui die SKLAS aan dat in die meerdere vergadering kom in die eerste plek nie Kerkrade nie byeen nie, maar kom gemeentes bymekaar (*Skema NGSK 1986:159*). Die SKLAS dui op die gevare wat in 'n independentistiese en/of hiërargiese kerkbegrip skuil. Volgens die SKLAS besit die mindere vergadering die onvervreembare selfstandigheid ten opsigte van sake op eie gebied, maar het eweneens 'n onbetwisbare onafhanklikheid (selfstandigheid) met betrekking tot sake wat sy eie kompetensie te bowe gaan. Die meerdere vergaderings hanteer slegs sake wat nie tot die kompetensie aan die mindere vergadering hoort nie (*Skema NGSK 1986:160*).

Gedurende die negentigerjare word die aannames van die SKLAS met betrekking tot die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge getoets deurdat die twee Ringe te wete die Ring van Ebenhezer (Kaapstad) en Caledon besluit het om nie 'n afvaardiging na die Sinode van die VGK te stuur nie. As rede het hul aangevoer dat 'n Sinode nie 'n mindere vergadering tot kerkeenheid kan dwing nie (*Ligdraer 6 Mei 1991:1-2*). Die Ring van Ebenezer (Kaapstad) was van mening dat 'n kerk net gestig kan word met die instemming van die gemeentes wat hulle in 'n bepaalde kerkverband wil verenig (*Ligdraer 3 Junie 1991:12*). Die Sinode van só 'n kerk wat tot stand kom, ontvang sy gesag van die gemeentes wat hulle vrywillig in 'n kerk verenig, deur afstigting bekom word of van buite tot die bestaande kerk toe tree. Die Ring stel dit dat indien 'n Sinode van 'n bestaande kerk tot vereniging met 'n ander kerk besluit, kom so 'n besluit op die ontbinding van die bestaande kerk te neer en die stigting van 'n nuwe kerk bestaande uit gemeentes wat uit vrye wil tot die nuwe kerk toe tree. Sodanige gemeentes wat tot die nuwe kerk wil toetree moet volgens die Ring vooraf deur middel van hul Kerkrade daartoe besluit (*Ligdraer 3*

Junie 1991:12). Die Ring was van mening dat art 22 van die NGSK nie van toepassing is in die geval van kerkvereniging nie:

Art 22 Die besluite van die vergadering sal altyd na deeglike bespreking en sover moontlik met eenparige stem geneem word. As eenparigheid nie verkry kan word nie, sal die minderheid hom skik na die gevoel van die meerderheid. Die besluite van die vergadering is bindend. Mindere vergadering moet hulle aan die besluite van die meerdere vergadering onderwerp.

(*Ligdraer 3 Junie 1991:12*)

Geen gemeente kan volgens die Ring van Ebenhezer (Kaapstad) op grond van art 22 deur die meerdere vergadering gedwing word om hul besittings aan 'n nuwe kerk af te staan nie. Die Ring wys daarop dat vrywillige verenigings volgens die gemenereg nie met 'n ander vereniging kan saamsmelt en sy lede verplig om lid te word van die nuwe vereniging nie. Net so min kan 'n Sinode dit met gemeentes doen, beweert die Ring. Die Ring wys as redes vir sy wegbly van die Stigtingsvergadering van die VGK daarop dat die Algemene Sinode van die NGKA in Oktober 1990 "sy eie kerkorde verkrag het en die verskanste regte van sy Streeksinodes verontagsaam het" (*Ligdraer 3 Junie 1991:12*). Hul wys daarop dat die Algemene Sinode van die NGKA (1990) sonder die vereiste tweederdemeerderheid volgens art 36.1 hul belydenisgrondslag met hul aanvaarding van die *Belydenis van Belhar*.

Prof J A Adonis en ds J N M Hartney is van mening dat die Ring van Ebenhezer 'n ongereformeerde siening van die kerkreg het en beweert dat binne die Gereformeerde kerkregeringstelsel is dit *slegs* die Sinodes wat as meerdere vergadering die bevoegdheid het om oor kerkvereniging te besluit (*Ligdraer 1 Julie 1991:10*). Hulle dui egter nie aan op watter Gereformeerde kerkregtelikes hulle hul aannames met betrekking tot Gereformeerde Kerkreg grond nie. Hulle wys daarop dat die Sinode van die NGSK (1990) met 'n groot meerderheid van stemme die kerkorde van die verenigde kerk



goedgekeur het: “Die Sinode van die NG Sendingkerk besluit op grondslag van hierdie kerkorde om een te word met die NG Kerk in Afrika as Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, en bring hulde aan God wat ons tot hierde historiese daad gelei het” (*Acta NGSK* 1990:1046). Hartney en Adonis is van mening dat die gemeentes nie nodig gehad het om addisionele besluite oor kerkvereniging te neem nie, aangesien deur middel van die besluit op sinodale vlak dit al reeds gedoen was (*Acta NGSK* 1990:1046). Met betrekking tot die vraag na die gesag van die besluite van die meerdere vergadering is Hartney en Adonis van mening dat besluite van meerdere vergadering nie slegs bloot adviese is nie soos die Ring van Ebenhezer beweer nie, maar dat besluite van meerdere vergadering bindend op mindere vergadering is (*Ligdraer* 1 Julie 1991:10). Hartney en Adonis eien op voetspoor van die *nieuwe kerkrecht* groter gesag en bevoegdheid aan meerdere vergadering toe.

Op 15 Junie 1991 het ds N A Appolis, moderator van die NGSK, en dr A J Botha, scriba sinodi van die NGSK, ’n verklaring uitgereik waarin hul onder andere die onkerkregtelike wyse waarop die NGKA die *Belydenis van Belhar* deel van hul belydenisgrondslag gemaak het, aangedui het as een van die struikelblokke in die pad na eenwording:

Die feit dat die NGKA die Belydenis van Belhar op ’n onkerkregtelike wyse deel van hul kerkorde gemaak het, ten spyte daarvan dat ons hulle maande voor die Sinode versoek het om dit nie op so ’n wyse te doen nie en feitlik daagliks tydens die twee sinodesittings self met hulle daaroor in verbinding was. Uit regsmenings het dit later geblyk dat hulle besluit in die verband *ultra vires* (ongeldig) was. Dit was ook deur die Moderatuur van die Algemene Sinode van die NGKA toegegee .

(*Ligdraer* 1 Julie 1991:15)

Dr A J Botha het terselfdertyd bedank as scriba van die gesamentlike moderatuur van die NGSK en die NGKA (*Ligdraer* 1 Julie 1991:4). Botha en Appolis het aanbeveel dat die voorstel van die regsgeleerdes gevolg moet word, waarvolgens die NGSK eers ’n

ontbindingsklousule in sy Kerkorde moes voeg. Volgens Botha en Appolis het die NGSK se regsverteenvoerder die moderatuur meegedeel dat die gemeenereg die kerk beskou as 'n onderlinge vereniging en die gemeente as 'n *universitas*, dit is 'n korporasie. As 'n korporasie met regs persoonlikheid is elke gemeente dus eienaar van haar eie bates ongeag die samestelling van die gemeente en is elke kerk dus verbind aan sy eie kerkorde en gepaardgaande reëls wat as kontrak dien. Om regsgeldig te wees, moet alle handeling van die kerk in lyn met die Kerkorde geskied (*Ligdraer* 1 Julie 1991:15). Met kerkvereniging is dit vanselfsprekend dat die verskillende kerkgenootskappe wat aan die vereniging deelneem ophou bestaan dat 'n nuwe onderlinge vereniging tot stand kom. Voordat die nuwe kerkgenootskap tot stand kom, moet die bestaande kerkgenootskap volgens die regsgeleerde ontbind. Vir die ontbinding moet daar 'n ontbindingklousule in die kerkordes van die deelnemende kerke wees, anders tree die kerk buite haar bevoegdheid op en is sodanige besluit *ultra vires*. Die regsgeleerdes het aanbeveel dat die kerk eers haar kerkorde wysig om daarin 'n artikel van eenheid aan te bring waarin die ontbinding met die oog op samesmelting aangebring word, wat behoorlik voorsiening maak vir die hantering van bates (*Ligdraer* 1 Julie 1991:15).

Die implikasies van die regsgeleerdes se regs mening was dat die Streeksinode besluite weens 'n gebrek aan 'n ontbindingsklousule *ultra vires* was. Die aanbeveling van die regskundiges was dat 'n artikel vir kerkeenheid in die Kerkorde aangebring moet word waarin die ontbinding met die oog op samesmelting aangebring word asook behoorlike voorsiening gemaak moet word vir die hantering van bates (*Ligdraer* 1 Julie 1991:15). 'n Regsgeleerde, mnr J J Loubser van De Klerk en Van Gend in 1990 aan die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) gegee het. Mnr J J Loubser het aanbevelings geformuleer

wat hy van mening was wat voor kerkeenwording geneem moes word. (*Skema NGSK* 1994:46). Hy is van mening dat een of meer verkeerde besluite en/of versuim om sekere besluite te neem en/of afwykings van die voorgeskrewe prosedures deur een of albei kerke in die eenheidsproses, kan implikasies inhou vir die regsgeldigheid van sekere aksies of kan die hele proses aanvegbaar maak. Vir die vasstelling van die belydenisskrifte en die konsep kerkorde, word 'n tweederdemeerderheid van die uitgebragte stemme op die Sinode vereis nadat die konsep kerkorde aan die mindere vergaderings voorgelê is om hulle gevoelens daaroor uitspreek.

Op 18 Julie 1991 is 'n versoek aan die moderatuur van die NGSK gerig vir die hou van 'n Buitengewone Algemene Sinodale Kommissievergadering om ander andere te besin oor die hou van 'n Buitengewone Sinode met die oog op kerkeenwording. Die versoek is toegestaan en 'n Buitengewone Algemene Sinodale Kommissievergadering het op 24 tot 25 Oktober 1991 plaasgevind (*Ligdraer* 7 April 1992:8). Op 12 November 1991 het die moderatuur die Kerkrade van die NGSK versoek om ten gunste van 'n Buitengewone Sinode met die oog op kerkeenwording te stem. Di J Mettler en I J Mentor, assessor van die NGSK, het die Kerkrade van die NGSK versoek om nie ten gunste van die versoek van die moderatuur om die hou van 'n Buitengewone Sinode te stem nie (*Ligdraer* 31 Januarie 1992:9). As redes vir hul versoek dui hul aan die teenstrydigheid om nie druk op die Kerkrade te plaas nie, die onduidelikhede in die agendapunte, die ongemotiveerde haas, die gemeenskaplike band met die NGK asook die hoë kostes verbonde aan die hou van 'n Buitengewone Sinode. Een van die agendapunte was die wysiging van toepaslike artikels van die Kerkorde om voorsiening te maak vir eenwording met kerke van Gereformeerde Belydenis (*Ligdraer* 31 Januarie 1992:9). Di Mettler en Mentor is van

mening dat die Kerkrade nie weet wat die wysigings behels nie, dat die wysiging onder meer kan beteken dat kerke wat nie met die eenwording wil saamgaan nie, hul eiendom en ander bates, soos fondse, aan die nuwe kerk sou moes afstaan, dat die agenda vaag is en dat die Kerkrade dus nie ingeligte besluite sou kon maak nie (*Ligdraer* 16 Maart 1992:9). Die moderatuur was verdeel oor die kerkregtelike proses wat met betrekking tot kerkeenwording gevolg behoort te word. Aan die eenkant was di N Appollis, moderator, en I Mentor en aan die ander kant was di H R Botman, assessor van die NGSK, en J Buys, actuaarius. Die tel van die uitgebragte stemme van die Kerkrade vir die hou van 'n Buitengewone Sinode het op 17 Februarie 1992 plaasgevind (*Ligdraer* 7 April 1992:8). 'n Tweederdemeerderheid vir die hou van 'n Buitengewone Sinode kon egter nie verkry word nie. Die totale aantal gemeentes wat vir die hou van 'n Buitengewone Sinode gestem het, was 210 waarvan 94 ja-stemme en 94 nee-stemme was. 22 stembriewe was ongeldig. Die moderatuur het geoordeel dat die Buitengewone Sinode nie plaas kon vind nie, aangesien die tweederdemeerderheid vereiste van art 38.5 nie nagekom is nie (*Ligdraer* 16 Maart 1992:8).

Op 19 Februarie 1992 asook op 6 Mei 1992 het die gesamentlike moderature van die twee kerke vergader om onder andere oor die uitslag van die stemming te beraadslag asook om aan verskeie opsies met betrekking tot kerkeenwording oorweging te skenk (*Ligdraer* 7 April 1992:8-9). Uit die samespreking het dit duidelik geblyk dat die stemming nie die status van die besluite oor kerkeenheid van die NGSK en die NGKA in gedrang bring nie. Die *status quo* het dus bly staan en gevolglik kon die gesamentlike moderature voortgaan met hul opdragte (*Ligdraer* 7 April 1992:9). Die moderatuur van die NGSK was versoek om oorweging te gee aan die hou van 'n Buitengewone Sinode, 'n

verklarende hofbevel en/of dat die Stigtingsinode gehou sou word op die laaste dag van die volgende Sinode van die NGSK (*Ligdraer 7 April 1992:9*). Op die NGSK moderatuursvergadering gehou 27 Februarie 1992 het ds N Appolis, moderator en di A Botha, scriba, die status van die belofte wat die NGSK op 28 Junie 1990 aan die NGKA in verband met die kerkeenwording gegee het, bevraagteken en was van mening dat die NGSK nie meer aan dié belofte verbonde is nie (*Ligdraer 7 April 1992:15*). Tydens die vergadering van die NGSK moderatuur op 11 Maart 1992, waartydens die opsie van 'n herstem vir 'n Buitengewone Sinode oorweeg sou word, het die stemme weer gestaak. Die moderatuur was verdeel oor die kerkregtelike pad wat met kerkeenwording gevolg behoort te word.

Op 6 Mei 1992 het die gesamentlike moderature ooreengekom dat die kommissieverslae met betrekking tot kerkeenwording byvoorbeeld Kerkordekommissie, Teologiese opleiding, Administrasie asook Ekumene afgerond behoort te word. Die actarius, ds J Buys, het na die bekendmaking van die nee-stem vir die hou van 'n Buitengewone Sinode amptelik sy bedanking as actarius ingedien en ds A Doyer was in sy plek deur die Moderatuur van die NGSK benoem (*Ligdraer 7 April 1992:10*). As redes vir sy bedanking voer Buys aan sy geloofsoortuiging wat opsigte van kerkeenheid geld:

Die uitslag van die stemming van 'n Buitengewone Sinode verstaan ek as die stem van die kerk in die saak van kerkeenheid. Ek hoor dat die kerk vanweë verskeie faktore sê dat ons die eenheid moet uitstel, bes moontlik nie later as die 1994-sinode nie ... dit is my oortuiging dat die kerk vanweë praktiese oorwegings waarvan geld 'n belangrike een is, besluit het om die saak van eenheid uitgestel word. Hierdeur word geld en ander oorwegings na waarde hoër geag as die Skrifopdrag en gehoorsaamheid aan Jesus, die Heer. Ek oordeel dat die NG Sendingkerk deur hierdie stemming haar boodskap en gehoorsaamheid van ons daad van belydenis onberekenbaar skade aandoen.

(*Ligdraer 7 April 1992:10*)

Op 4 Augustus 1992 het die moderatuur van die NGSK, N Appolis, H R Botman en I Mentor, besluit om die Sinode van die NGSK wat in Oktober 1994 sou plaasvind na Maart 1994 te vervroeg en dat die eenheidsinode onmiddellik na die Sinode van die NGSK sou plaasvind (*Ligdraer* 17 Augustus 1992:4). Die besluit van die moderatuur om die Sinode te vervroeg was na die lede van die Algemene Sinodale Kommissie (=ASK) gestuur om per posstem te reageer. Kragtens die bep 62 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1990* moes die ASK toestemming verleen vir die vervroeging van die Sinode:

Die Algemene Sinodale Kommissie kan ook vir 'n buitengewone vergadering deur die moderatuur byeengeroep word met behoorlike kennisgewing van tyd en plek, met dien verstande dat die agendapunte duidelik aangedui en gemotiveer is, dat die agenda aan alle Kerkrade gestuur is, en dat van minstens twee derdes van die Kerkrade toestemming tot die vergadering verkry is.

(*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1990*: bep 62)

Die ASK het met 'n groot meerderheid ingestem dat die Sinode tot Maart 1994 vervroeg word (*Ligdraer* 14 September 1992:3). Ds Doyer is ook deur die ASK met 'n meerderheid van posstemme deur die ASK benoem as actuarius in die plek van ds J Buys wat vroeër die jaar weens konflik oor die hou van 'n Buitengewone Sinode bedank het (*Ligdraer* 14 September 1992:3).

#### **4.5.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers**

Die *Sendingreglement van die NGK* het nie voorsiening daarvoor gemaak dat wit leraars by diensaanvaarding in die NGK lidmate van die NGSK word nie en dus onder die tug en toesig van die NGSK val. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NGSK het op 15 tot 16 Augustus 1984 die Permanente Regskommissie versoek om 'n memorandum aan die Skakelkommissie van die NGK voor te lê insake die opsegging van die *Akte van Ooreenkoms* (*Skema NGSK* 1986:90). By die NGSK kon die Binnelandse



Sending-subkommissie sendelinge voor die daarstelling van 'n eie kerkorde skors en afsit. Die NGSK gaan egter van die veronderstelling uit dat afsetting van predikant nie sonder die bewilliging van die plaaslike gemeente kan geskied nie. By die gemeente berus die mag. As ampsdraers afgeset of geskors behoort dit te geskied in medewerking met die plaaslike Kerkraad. Die meerdere vergadering kon wel die sensuur uitspreek, maar het die formele uitvoering van die uitspraak oor aan die plaaslike gemeente oorgelaat. Die meerdere vergadering kon nie inisiatief neem met betrekking tot die toepassing van kerklike sensuur nie, maar dit is die taak van die Kerkraad om kerklike sensuur in die plaaslike gemeente toe te pas. Die plaaslike gemeente behou die uitoefening van die kerklike mag, omdat die Kerkraad haar mag ontleen van die gemeente.

Die meerdere vergadering kon volgens die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1982* slegs raad, advies verleen en oordeel in die geval van 'n hoër beroep, maar die uitvoering van die uitspraak van die meerdere vergadering was die taak van die mindere vergadering van die NGSK. Die tug-, regeer- en leermag word deur die gemeente aan die ampsdraers toevertrou. Die instansie wat die kerklike mag aan ampsdraers toevertrou het, is deur die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1982* as bevoeg beskou om die mag te ontnem. Tot die taak van die predikant hoort volgens art 9:7 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1982* die diens van die gebede, die bediening van die Woord, die bediening van die sakramente, saam met die ouderlinge die herderlike sorg aan die gemeente te bedien, oor die gemeente en mede-ampsdraers opsig te hou en saam met die ouderlinge die tug uit te oefen. Artikel 75 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1982* stem in wese met DKO art 71 ooreen. Dit stel onder andere dat

vermaning en tug van die kerk geestelik van aard is en dat die hoofdoel van die tug om die sondaar met die kerk en hul naaste te versoen en om die art 82 van die *Kerkorde van die NGSK* 1982 maak in lyn met die DKO art 77 daarvoor voorsiening dat belydende lidmate wat van die Nagmaal afgehou word en in hul sonde volhard deur die Kerkraad van die gemeente afgesny kan word. Daar kon egter nie tot die afsnyding oorgegaan word nie, alvorens die Kerkraad deur drie afkondigings die gemeente opgeroep het om vir die besondere lidmaat te bid nie. In die eerste afkondiging dui die artikel aan word die sondaar nie genoem nie. In die tweede afkondiging word nadat advies van die Ring verkry is, die naam van die betrokke genoem. In die derde afkondiging word die afsnyding van die betrokke aan die gemeente vermeld (*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982:66, art 82)

Dit staan 'n bedienaar van die Woord nie vry is om sy amp neer te lê en tot 'n ander lewenstaat oor te gaan nie. As die Kerkraad en Ring oordeel dat daar gewigtige redes bestaan kan sodanige leraar van sy amp onthef word (*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982:10 art 13). Art 2 van die kerkorde stel dit onomwonde dat die ampte gelykwaardig is, maar word in werk en opdrag onderskei. By die uitoefening van hul roeping mag ampsdraers nie oor mekaar heerskappy te voer nie (*Kerkorde van die NGSK* 1982:2 art 2). Die NGSK se stryd om die tug uit te oefen oor al haar ampsdraers, sendelinge ingeslote, wat reeds 1908 begin het, is met die aanvaarding van die kerkordelike bepalinge op die Sinode van die NGSK (1982) uiteindelik afgesluit. Sodoende het die NGSK daarin geslaag om die Doleansie kerkregbeginsel met betrekking tot die tugreg in hul kerkreg en kerkregering te verskans.

Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat die vasstelling van die leer van die kerk aan die meerdere vergadering oorgelaat word met behoud van beoordeling of dit in ooreenstemming met die Woord van God is. Die *Kerkorde van die NGSK* 1982 beklemtoon juis dit dat die gemeente die ampsdraers aangestel het en die reg het om hul af te set. Daarom kan die Sinode sake in hoër beroep slegs beoordeel en die toepassing van die uitspraak na die mindere vergadering verwys. Tugtoepassing met betrekking tot predikante veral afsetting word gedoen deur die Kerkraad bygestaan deur die meerdere vergadering se afgevaardigdes. Volgens die Doleansiekerkreg behoort die lede van die meerdere vergadering hul te onthou van daadwerklike tuguitoefening. Die bevoegdheid kom volgens die *oud kerkrecht* alleen die Kerkraad van die plaaslike gemeente toe.

#### **4.5.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge**

Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) het op 15-16 Augustus 1984 kennis geneem dat gemeentes, lidmate en ampsdraers besluite van die meerdere vergadering ignoreer en/of nie aanvaar nie. Dit het onder andere gelei tot disharmonie, beroering en chaos in die NGSK. Die ASK het bevestig dat die Gereformeerde siening is dat meerdere vergaderinge die bevoegdheid het om bindende handeling en besluite te neem (*Skema NGSK* 1986:91). Die ASK het soos volg besluit:

Besluite wat op 'n wettige meerdere kerkvergadering geneem op Skriftuurlike uitsprake en skrifbeginsels berus en uit die Skrif gemotiveer is, is bindend vir sodanige meerdere vergadering, mindere vergadering, ampsdraers en lidmate. Gemeentes is ook kragtens die kerkverband waarin hulle met mekaar gegroeper is, onder verpligting om die besluite uit te voer. Besluite wat so geneem is bly van krag totdat die onskriftuurlikheid daarvan bewys word.

(*Skema NGSK* 1986:91)

Die SKLAS stel dit duidelik in hul studiestuk *Die plaaslik kerk en die kerkverband* (1986) dat die besluite van die meerdere vergadering bindend is (*Skema NGSK* 1986:162).

Mindere vergaderinge moet hul gevolglik onderwerp aan besluite van die meerdere vergaderinge onderwerp, behoudens hul reg tot hoër beroep. Diegene wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die bepalinge van die kerkorde of meen dat die welsyn van die kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle daardeur verontreg is, kan volgens die SKLAS hoër beroep gaan na die naasvolgende vergadering (*Skema NGSK 1986:162*). Art 23.2.1 in die *Kerkorde van die NGSK (1982)* maak voorsiening dat elke besluit, uitspraak, handeling van 'n kerkvergadering vatbaar is vir hoër beroep by 'n naasvolgende vergadering. Vergaderinge, lede van vergaderinge het die reg tot hoër beroep. Indien 'n uitspraak of handeling in stryd geag word met die duidelike uitsprake van die Woord van God is hul verplig om in hoër beroep te gaan. Die *Kerkorde van die NGSK (1982)* dui aan dat die gesag van die Ring oor die Kerkraad dieselfde is as dié van die Sinode oor die Ring (*Kerkorde van die NGSK 1982 :art 19.2*).

Die kommissie verwys onder andere dat volgens art 84 van die DKO kan geen kerk oor ander kerke, geen dienaar oor ander dienaars, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens heerskappy voer nie (*Skema NGSK 1986:162*). Die kommissie dui aan dat in verzet teen die kollegialisme het die kerkregtelikes in die Doleansie-tydperk die reg van plaaslike gemeentes verdedig. Daarvolgens setel die reg om te regeer in die plaaslike gemeente terwyl die gesag van die meerdere vergadering afgelei is.

Die SKLAS wys dit af dat die gesag van meerdere vergadering meer beperk is as dié van die mindere vergadering. Hulle wys in hul studiestuk onder andere H Bouwman se stellingname af dat gesag van die meerdere vergadering afgelei word uit die afgevaardigdes

dit wil sê die amp wat in die ampsdraers in die vergadering aanwesig is asook dat hul magte (gesag) na die Sinode saambring en daar saamvoeg sodat dit groter is as die van die Kerkrade. Die kommissie staan afwysend teenoor ontleende, gedelegeerde, kumulatiewe mag (*Skema NGSK* 1986:162). Die kommissie is van mening dat die gesag nie aan die amp of vergadering gekoppel kan word nie. Die ampte het dus volgens die kommissie geen eie gesag ampshalwe los van die gemeentes waaraan hulle verbind is nie die meerdere vergadering het dus nie 'n selfstandige mag en gesag nie en kan dus nie oorgedra, saamgebring, gedelegeer of geakkumuleer word nie (*Skema NGSK* 1986:162). Die kommissie is van mening dat die beginsel van ratifikasie van Rings en Sinodale besluite deur kerkraadslede afgewys behoort te word (*Skema NGSK* 1986:165).

#### **4.5.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering by wanbestuur**

Die *Kerkorde van die NGSK* (1982) maak geen voorsiening of meerdere vergadering in geval van wanbestuur op plaaslike vlak mag ingryp nie. Die meerdere vergadering kan in die geval van wanbestuur wel adviese verleen, besit geen bevoegdheid om besluite op plaaslike vlak te implementeer nie. Met betrekking tot die gesag van meerdere vergaderinge in die geval van wanbestuur is die SKLAS in hul studiestuk *Die Plaaslike gemeente en die kerkverband* (1986) dat wanneer 'n meerdere vergadering in buitengewone omstandighede gesag uitoefen met betrekking tot sake wat tot die bevoegdheid van die mindere vergadering hoort, mag die mindere vergadering nie daarmee van sy eie bevoegdheid beroof word nie. Dit is volgens die kommissie slegs 'n tydelike maatreël totdat die buitengewone omstandighede weer normaliseer en die mindere vergadering weer normaalweg sy eie bevoegdheid kan uitoefen (*Skema NGSK* 1986:163).

#### 4.6. Konklusie

Die NGSK toon 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg met die sterke aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband, die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap en die afwysiging van 'n hiërargiese kerkregeringstelsel. Die NGSK beklemtoon in hul stryd om selfverwesenliking dat aan die kerke in korrespondensie of sinodaal gekombineerd die drievoudige mag toe naamlik, leer-, regeer- en tugmag toe kom. Op voetspoor van die *oud kerkrecht* gaan die NGSK van die veronderstelling uit dat indien 'n plaaslike gemeente haar aan die uitspraak van 'n Sinode onttrek, het die meerdere vergadering nie die reg om self haar besluit in die plaaslike gemeente te voltrek en die Kerkraad af te set nie. Vir die eerste 60 jaar van die bestaan van die NGSK was daar geen kerkorde nie. Die kerkordes van 1978 en 1982 was 'n kompromis tussen Doleansiekerkreg en die nuwe kerkregtelike ontwikkeling in Nederland. Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat die aansluiting by die kerkverband die onderskeie plaaslike gemeentes verplig om uitvoering te gee aan die besluite van die meerdere vergaderinge; dat die bestuursgesag by die Kerkraad berus en dat die toepassing van sensuur oor die wit leraars aan die kerkorde daartoe bevoegd verklaarde mindere vergadering oorgelaat behoort te word, dat die Kerkraad tug mag uitoefen en ook bevoegd is om die daadwerklike skorsing en afsetting van ampsdraers te implementeer.